

19 OPGESOMDE RESULTATE

 **Sanlam**
Welvaartmeesters™

INHOUD

Oorsig	01	Inleiding	1
		Hooftrekke	2
		Uitvoerende oorsig	3
		Kommentaar op die resultate	5
Opgesomde finansiële state	02	Finansiële inligting	26
		Groepstaat van finansiële posisie	29
		Groepstaat van omvattende inkomste	30
		Groepstaat van veranderinge in ekwiteit	31
		Groepkontantvloeistaat	32
		Aantekeninge tot die finansiële state	33
Administrasie	03	Kennisgewing van algemene jaarvergadering	57
		Aandeelhouersdagboek	82
		Administrasie	83

Verdienste

- Netto resultaat van finansiële dienste het gestyg met 9%
- Dividend per aandeel van 334 sent, 7% hoër

Besigheidsvolumes

- Netto waarde van nuwe gedekte besigheid het met 15% gestyg tot R2,3 miljard (11% hoër op 'n konstante ekonomiese basis)
- Netto nuwe gedekte marge van 2,98% op 'n konstante ekonomiese basis (2,67% in 2018)
- Nuwe besigheidsvolumes het met 12% tot R249 miljard gestyg
- Netto fondsinvloei van R57 miljard in vergelyking met R42 miljard in 2018

Groep Ekwiteitswaarde

- Groep Ekwiteitswaarde per aandeel van R64,36
- Opbrengs op Groep Ekwiteitswaarde per aandeel van 6,4% (2018: 11,6%)
- Aangepaste opbrengs op Groep Ekwiteitswaarde per aandeel van 11,9% (2018: 19,6%)

Kapitaalbestuur

- Netto R4,5 miljard ingesamel deur aandele-uitreiking
- R593 miljoen surplus ontsluit uit bedrywigheide
- R2 miljard belê in Groepbedrywighede
- Diskresionêre kapitaal van R220 miljoen op 31 Desember 2019
- Sanlam Groep SAM-dekkingsverhouding van 211% (2018: 215%)

INLEIDING

Geagte aandeelhouer

Dit is vir my aangenaam om ons resultate van 2019 aan u voor te lê deur middel van hierdie samevatting van ons Sanlam jaarverslag vir 2019. Sanlam het in ooreenstemming met die Direksie se verwagtinge presteer en het volgehou om waarde te skep ten spyte van ekonomiese en sosiale uitdagings in meeste van die lande waarin ons sake doen. Ons soliede strategie was weereens 'n beduidende bydraer om bevredigende prestasie te lewer.

Behalwe die hooftrekke van ons resultate sluit hierdie publikasie ook 'n uitvoerende oorsig van ons prestasie in 2019 in, asook ons kommentaar op hierdie resultate wat op 12 Maart 2020 op die Johannesburgse, Namibiese en A2X-aandelebeurse vrygestel is.


Dokumente wat die kennisgewing van Sanlam se Algemene jaarvergadering vergesel, word afsonderlik as deel van hierdie opgesomde uitgawe van ons jaarresultate ingesluit.

Soos ons vroeër aan ons aandeelhouers gekommunikeer het, het die veranderende vereistes met betrekking tot finansiële verslagdoening en korporatiewe beheer oor die afgelope paar jaar omvattende jaarverslae tot gevolg gehad. Die voortdurende druk van sulke omvattende verslae, tesame met die produksie- en poskoste, het 'n negatiewe invloed op ons koolstofvoetspoor en ons pogings om volhoubaarheid te bevorder.

Ons het dus die statutêre intervensie verwelkom wat dit vir ons moontlik maak om omvattende en lywige gedrukte jaarverslae met kostedoeltreffende, verantwoordelike en deursigtige kommunikasie oor ons prestasie te vervang.

Afsonderlik van hierdie opgesomde resultate kan u volledige besonderhede van ons 2019-prestasie besigtig in ons omvattende jaar- en volhoubaarheidsverslae op ons webwerf www.sanlam.com.

Ek is seker dat u met my saamstem dat ons prestasie in 2019 die Sanlam-groep se verbintenis tot die groei van 'n volhoubare maatskappy wat sy beloftes kan nakom, bevestig, en ek dank u vir u volgehoue ondersteuning.



Johan van Zyl
Voorsitter

HOOFTREKKKE

vir die jaar geëindig 31 Desember 2019

2019

2018

△

SANLAM GROEP

Verdienste

Netto resultaat van finansiële dienste per aandeel	sent	438,0	423,6	3%
Netto bedryfsverdienste per aandeel	sent	488,9	450,5	9%
Verwaterde wesensverdienste per aandeel	sent	357,9	441,1	(19%)
Basiese wesensverdienste per aandeel	sent	361,8	445,6	(19%)
Basiese verdienste toeskryfbaar aan die aandeelhouersfonds per aandeel	sent	345,8	565,4	(39%)
Netto resultaat van finansiële dienste	R miljoen	9 674	8 890	9%
Netto bedryfsverdienste	R miljoen	10 798	9 455	14%
Wesensverdienste	R miljoen	7 481	9 162	(18%)
Dividend per aandeel	sent	334	312	7%

Besigheidsvolumes

Nuwe besigheidsvolumes	R miljoen	249 323	223 029	12%
Netto fondsinvloei	R miljoen	56 766	41 539	37%
Netto nuwe gedekte besigheid				
Waarde van nuwe gedekte besigheid	R miljoen	2 280	1 985	15%
HWNBP van gedekte besigheid ⁽¹⁾	R miljoen	76 446	74 378	3%
Marge van nuwe gedekte besigheid ⁽²⁾	%	2,98	2,67	

Groep Ekwiteitswaarde

Groep Ekwiteitswaarde	R miljoen	143 271	134 052	7%
Groep Ekwiteitswaarde per aandeel	sent	6 436	6 341	1%
Opbrengs op Groep Ekwiteitswaarde per aandeel ⁽³⁾	%	6,4	11,6	

SOLVENSIE

Sanlam Groep KTV dekkingsverhouding	%	211	215	
Sanlam Lewensdekking KTV dekkingsverhouding – gedekte besigheid ⁽⁴⁾	%	206	221	

Notas

⁽¹⁾ HWNBP = huidige waarde van nuwe besigheidspremies en is gelykstaande aan die huidige waarde van nuwe herhalende premies, teen die toepaslike verdiskonteringskoers plus enkelpremies.

⁽²⁾ Marge van nuwe gedekte besigheid = waarde van nuwe gedekte besigheid as 'n persentasie van HWNBP.

⁽³⁾ Groei in Groep Ekwiteitswaarde per aandeel (met dividend betaal, kapitaalbewegings en koste van verkreë tesourie-aandele teruggeskryf) as 'n persentasie van Groep Ekwiteitswaarde per aandeel aan die begin van die jaar.

⁽⁴⁾ Sluit beleggings in filiale en geassosieerde maatskappye, diskresionêre kapitaal, opgehoopte kontant vir dividendbetalings en die netto batewaarde van nie-gedekte bedrywighede uit.

UITVOERENDE OORSIG

Die Groep het in 2019 goeie bedryfsprestasie behaal, met groei van 14% en 15% onderskeidelik in netto bedryfsverdienste en die netto waarde van geskrewe nuwe gedekte besigheid (WNB). Veral die toename van 37% in netto fondsvloeie was 'n hoogtepunt. Die Opbrengs op Groep Ekwiteitswaarde (OoGEW) het egter nie aan ons verwagtinge vir die jaar voldoen nie en is beïnvloed deur valutabewegings, druk op die aandelepryse van Santam, AfroCentric en ons genoteerde besighede in Indië en Namibië, laer netto fondsinvloei-aannames by die Suid-Afrikaanse welvaart- en beleggingsbestuurbesighede, asook 'n daling in die Saham-waardasie om voorsiening te maak vir die huidige swak eise-ervaring in Afrika en die verswakking in die Libanese ekonomie. 'n Omsigtige benadering is gevolg vir die waardasie van die Angolese en Libanese besighede deur die toepassing van die parallelle wisselkoerse in hierdie lande in plaas van die amptelike koerse. Aangepaste OoGEW van 11,9%, wat onbestendigheid in beleggings- en valutamarkte asook ander faktore wat buite bestuur se beheer was, uitsluit, was ook laer as die teiken van 13,5% vir die jaar.

Ons het van die begin af besef dat ons in 2019 met verskeie winde van voor te make sou kry. Laer ekonomiese groei in sommige van ons belangrikste markte, groter internasionale geopolitiese risiko's asook onbestendigheid in beleggings- en valutamarkte het nie veel goeds vir ons belangrikste prestasie-aanwysers ingehou nie. Veral die Suid-Afrikaanse ekonomiese omgewing was teleurstellend. 'n Gebrek aan vordering met kritieke strukturele hervormings en die volhoubaarheid van groot staatsondernemings het bygedra tot swakker sake- en beleggersvertroue, lae ekonomiese groei en hoër werkloosheidsvlakke in hierdie, ons grootste mark. 'n Hardneklig hoë eise-ervaring in die Sanlam Opkomende Markte (SOM) Afrika algemene versekeringbesighede het ook 'n impak op ons algehele prestasie gehad.

Ons diversifikasie oor geografieë, marksegmente en besigheidslyne heen, gesteun deur 'n uiters gemotiveerde en bekwame mensekapitaalbasis, het ons in staat gestel om hierdie uitdagings te naveer deur steeds strategiese waarde aan Sanlam-aandeelhouers te bied.

UITVOERENDE OORSIG (vervolg)

Hoogte- en laagtepunte vir die jaar sluit die volgende in:

HOOGTEPUNTE	LAAGTEPUNTE
Sterk groei in hoofverdienste- en nuwe besigheidprestasie-aanwysers	Aangepaste Opbrengs op Groep Ekwiteitswaarde per aandeel van 11,9% het nie die teiken van 13,5% gehaal nie
Ongeëwenaarde netto fondsinvloei in SIG derdepartybatebestuurder	Ongunstige eise-ervaring in SOM se algemene versekeringsportefeuilje in die geheel in Afrika
Waarde deur vennootskappe: Capitec Bank-begrafnisbesigheidpolisse wat sedert bekendstelling in Mei 2018 verkoop is, het die kerf van 1,4 miljoen bereik (1,1 miljoen tot en met 31 Desember 2019)	Verswakking in Libanon se ekonomiese omgewing; depresiasie van geldeenheid in Angola en Zimbabwe
Ommekeer in Sanlam Korporatief se onderskrywingswins en prestasie van Glacier nuwe besigheid sedert 1H19	Swak SA bedryfsomgewing: <ul style="list-style-type: none">• Verhoogde kredietverwante voorsiening in Sanfin• Druk op Glacier en middelinkomstemark-verkope
Santam se onderskrywingswins van 7,7% by die boonste grens van sy teikenband	Bedryfsonderprestasie by Sanlam VK se welvaartbeplanning- en adviesbesighede
Gehalte van verdienste: Deurlopend positiewe ervaringvariansies en sterk standhoudendheid ondanks moeilike bedryfstoestance	Daling in Ivoorkus se waarde van vankrag gedekte besigheid
3% reële groei in Sanlam-dividend	

KOMMENTAAR OP DIE RESULTATE

Grondslag van aanbieding en rekeningkundige beleide

Die Sanlam Groep se finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2019 word aangebied op grond van en in nakoming van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS). Afgesien van die volgende stem die grondslag van aanbieding en rekeningkundige beleide vir die IFRS finansiële state in alle wesentlike opsigte ooreen met dié wat in die 2018 Geïntegreerde Verslag en Finansiële Jaarstate gebruik is:

- Aanneming van die nuwe Huurkontrakstandaard (IFRS 16) vir die eerste keer. Ooreenkomsdig met die standaard moet huurders by aanvaarding van die huurkontrak alle beduidende huurreëlings as 'n gebruiksregbate kapitaliseer met 'n oorenstemmende huurfinansieringslas. Die Groep het met ingang van 1 Januarie 2019 die standaard toegepas deur van die gewysigde terugwerkende benadering gebruik te maak. Reg van gebruiksbases en oorenstemmende huurfinansieringslaste van R2 miljard is op hierdie datum erken. Die aanvaarding van IFRS 16 het nie 'n beduidende impak op die Groep se verdienste vir die 2019 finansiële jaar gehad nie.
- Die insluiting van 'Netto bedryfsverdienste' as verdienstemeting in die inkomstestaat van die Aandeelhouersfonds. Netto bedryfsverdienste is die totaal van netto resultate van finansiële dienste, netto beleggingsinkomste, netto beleggingsoorskotte en netto projekuitgawes. Dit sluit die twee strategiese fokusareas uit 'n verdienste-oogpunt in, naamlik bedryfswins en beleggingsopbrengs verdien op die Groep se kapitaalbasis (insluitend diskresionêre kapitaal), wat die dryfveer is van ons doelwit om Opbrengs op Groep Ekwiteitswaarde (OoGEW) te optimaliseer. Genormaliseerde wesensverdienste is met ingang van die 2019 finansiële jaar gestaak as 'n verdienstemeting omdat dit uit 'n strategiese oogpunt nie 'n hoofprestasie-aanwyser verteenwoordig nie.

Die verkryging van die oorblywende belang in Saham Finances in die tweede helfte van 2018 is die enigste strukturele bedrywigheid wat 'n beduidende impak gehad het op die resultate vir die jaar geëindig 31 Desember 2019.

Alle verwysing na 2018 hou verband met die 2018 finansiële jaar, tensy anders aangedui.

Die strukturele inligting wat by hierdie verslag ingesluit is, word aangebied om die impak van veranderinge in die groepstruktuur te illustreer en is die verantwoordelikheid van die Groep se direksie ("Direksie"). Dit word slegs vir illustratiewe doeleindes aangebied omdat die aard daarvan moontlik nie redelikerwys die Groep se finansiële posisie, ekwiteitsveranderinge, bedryfsresultate of kontantvloei voorstel nie.

Sanlam se eksterne ouditeur, Ernst & Young Geïnk., het ingevolge Artikel 8 van die JSE Noteringsvereistes 'n beperkte gerusstellingsverslag ten opsigte van die konstante valuta inligting uitgereik. Die beperkte gerusstellingsverslag is ter insae beskikbaar by Sanlam Beperk se geregistreerde adres.

KOMMENTAAR OP DIE RESULTATE (vervolg)

Verdienste

Inkomstestaat van die aandeelhouersfonds vir die jaar geëindig 31 Desember 2019

R miljoen	2019	2018	△
Netto resultaat van finansiële dienste	9 674	8 890	9%
Sanlam Persoonlike Finansies	4 265	4 033	6%
Sanlam Opkomende Markte	2 632	2 038	29%
Sanlam Beleggingsgroep	1 070	1 152	(7%)
Santam	1 217	1 196	2%
Sanlam Korporatief	590	580	2%
Groep Kantoor en ander	(100)	(109)	8%
Netto beleggingsopbrengs	1 254	701	79%
Projekkoste	(130)	(136)	4%
Netto bedryfsverdienste	10 798	9 455	14%
Amortisasie van ontasbare bates	(766)	(400)	
Ekwiteitdelingskoste	(596)	(5)	
(Verlies)/wins met vervreemding van filiale en geassosieerde	(6)	2 773	
Waardedalings	(339)	(305)	
Netto ekwiteit-erkende nie-wesens verdienste	19	3	
Genormaliseerde toeskryfbare verdienste	9 110	11 521	(21%)

Netto resultaat van finansiële dienste (netto bedryfswins) van R9,7 miljard het met 9% gestyg (7% hoër in konstante valuta), met goeie bydraes van al die belangrikste besighede behalwe Sanlam Beleggingsgroep (SIG) se welvaart- en adviesbesighede in die Verenigde Koninkryk (VK), AfroCentric binne die Sanlam Korporatief-portefeuilje en Saham.

SPF se netto resultaat van finansiële dienste het met 6% gegroei. 'n Belastingaanpassing van R70 miljoen vir die vorige jaar by Sanlam Persoonlike Lenings (SPL) het 'n positiewe impak op nabelaste resultate gehad, met die bruto resultaat van finansiële dienste wat met 3% verbeter het. Uitgesonderd hoër nuwe besigheidstremming voortspruitend uit die sterk groei in nuwe besigheid by Sanlam Sky, BrightRock, Sanlam Indie en MiWayLife, het die netto resultaat van finansiële dienste met 10% verbeter. Dit is 'n besonder bevredigende prestasie deur 'n volwasse besigheid wat onder moeilike toestande in Suid-Afrika bedryf word.

SPF se netto resultaat van finansiële dienste vir die jaar geëindig 31 Desember 2019

R miljoen	2019	2018	Δ
Sanlam Sky	1 339	1 268	6%
Herhalende premie-subgroepering	2 511	2 780	(10%)
Glacier	1 566	1 190	32%
LISP	513	539	(5%)
Lewensbeleggings	1 053	651	62%
Strategiese Besigheidontwikkeling	387	374	3%
Sanlam Persoonlike Lenings	388	422	(8%)
Ander	(1)	(48)	98%
Bruto resultaat van finansiële dienste	5 803	5 612	3%
Belasting op bruto resultaat van finansiële dienste	(1 570)	(1 636)	4%
Nie-beherende belang	32	57	(44%)
Netto resultaat van finansiële dienste	4 265	4 033	6%

- *Sanlam Sky* se bruto resultaat van finansiële dienste het met 6% gegroei – 15% hoër uitgesluit bykomende nuwe besigheidstremming as gevolg van sterk groei in hul nuwe besigheidsvolumes (verwys na die gedeelte oor besigheidsvolumes wat volg). Hierdie groei weerspieël die toename in die grootte van die vankragboek oor die afgelope paar jaar. Verbeterde beleggings- en uitgawevariansies het in groot mate 'n verswakking in sterfte- en standhoudendheidservaring geneutraliseer.
- Die *Herhalende premie-subgroepering* se bruto resultaat van finansiële dienste het met 10% verswak. Dit is grootliks toeskryfbaar aan hoër nuwe besigheidstremming (R120 miljoen) en negatiewe veranderinge van R198 miljoen in die aktuariële grondslag (2018: positiewe R210 miljoen). Met uitsondering hiervan het die bruto resultaat van finansiële dienste met 10% gestyg. Groei in die grootte van die vankragboek van risikobesighede het die bydrae van hierdie besigheidselfyn ondersteun, aangevul deur laer bedryfsverliese by BrightRock. Die veranderinge in die aktuariële grondslag in 2019 het hoofsaaklik verband gehou met 'n verhoging in die voorsiening vir eenmalige projekuitgawes aangegaan ten opsigte van die IFRS 17 implementeringsprogram en die bekendstelling van die besigheidsintelligensieplatform.
- *Glacier*, wat enkelpremie-lewensbeleggings en die Gekoppelde Beleggingspaarplanplatform (LISP) insluit, het 'n verbetering van 32% in die bruto resultaat van finansiële dienste aangeteken – die gesamentlike uitwerking van 'n winsdaling van 5% in die LISP-besigheid en 'n styging van 62% in die bydrae van lewensbeleggings. Verdienste uit die LISP-besigheid is nadelig beïnvloed deur groei van minder as die inflasiekos in fooi-inkomste en laer kortings verdien

KOMMENTAAR OP DIE RESULTATE (vervolg)

van beleggingsfondsbestuurders. Markverwante fooi-inkomste uit produkte waar Glacier deel in werklike beleggingsopbrengs verdien op die polisheruerportefeuilles het die styging in wins verdien uit lewensbeleggings met ongeveer R280 miljoen ondersteun. Dit is in ooreenstemming met beter beleggingsmarkprestasie in 2019. Wins op gewaarborgde planne het voordeel getrek uit wanafgestemde wins en 'n vrystelling van surplusuitgawereserwes (kumulatief R86 miljoen).

- *Strategiese besigheidsontwikkeling* sluit SPL, Sanlam Trust, Multi-Data en Sanlam Reality in. SPL se bruto resultaat van finansiële dienste het met 8% gedaal vanaf 'n hoë basis in 2018. Dit het ingesluit eenmalige verdienste wat met die toepassing van IFRS 9 erken is. Die laer netto verlies uit ander besighede het hoofsaaklik laer uitgawes weerspieël.

SOM se bruto resultaat van finansiële dienste het met 47% gegroeい. 'n Verhoging in die effektiewe belastingkoers en groter winsdeling deur nie-beherende belang het groei in die netto resultaat van finansiële dienste tot 29% verlaag. Dit het die Saham strukturele bedrywigheid en wisselkoersverskille (11% uitgesluit strukturele bedrywigheid en in konstante valuta) ingesluit. Die groepering se effektiewe belastingkoers het van 29% tot 32% gestyg. Dit kan grootliks toegeskryf word aan 'n eenmalige terugskrywing van uitgestelde belasting in Botswana van nagenoeg R40 miljoen en die instelling van maatskaplike belasting van 2% in Marokko. Die groter winsdeling deur nie-beherende belang kan grootliks toegeskryf word aan die strukturele impak van die Saham-verkryging.

SOM se netto resultaat van finansiële dienste vir die jaar geëindig 31 Desember 2019

R miljoen	2019	2018	Δ
Suider-Afrika	1 776	1 491	19%
Noord- en Wes-Afrika	1 515	884	72%
Oos-Afrika	218	40	445%
Ander internasionaal	2 223	1 487	49%
Korporatiewe koste	(184)	(129)	(43%)
Bruto resultaat van finansiële dienste	5 548	3 773	47%
Belasting op bruto resultaat van finansiële dienste	(1 788)	(1 109)	(61%)
Nie-beherende belang	(1 128)	(626)	(80%)
Netto resultaat van finansiële dienste	2 632	2 038	29%
Saham	730	510	43%
Ander	1 902	1 528	24%

Ontleding van besigheidslyne

SOM se besighede word binne twee subgroeperings, naamlik Sanlam Pan-Afrika en Ander Internasional, bestuur. Die Sanlam Pan-Afrika-portefeuilje word op sy beurt volgens besigheidslyne bestuur om gepaste fokus oor die breë voetspoor te verseker. Sanlam Pan-Afrika Lewens is verantwoordelik vir alle lewensversekerings-, batebestuur- en kredietbesighede in Afrika, terwyl Sanlam Pan-Afrika Algemeen al die algemene versekeringsbesighede bestuur.

R miljoen	2019	2018	Δ
Sanlam Pan-Afrika Lewens	1 830	1 544	19%
Sanlam Pan-Afrika Algemeen	1 679	871	93%
Ander Internasional	2 223	1 487	49%
Korporatiewe koste	(184)	(129)	(43%)
Bruto resultaat van finansiële dienste	5 548	3 773	47%

Sanlam Pan-Afrika Lewens het sy teiken vir die jaar oorskry. Botswana en Nigerië het soos verwag sterk gegroei. Namibië se resultate het groter nuwe besigheidstremming ingesluit en slegs marginale groei getoon. Die Ivoorkus se resultate was teleurstellend en is beïnvloed deur negatiewe beleggingsvariansies veroorsaak deur aansienlike ongerealiseerde billikewaarde-verliese, veral op die aandeleblootstelling in die polisherportefeuilles. Die Marokkaanse lewensbesigheid het sterk groei in bedryfsverdienste behaal en bygedra tot 'n algehele uitprestasie van die 2019-teiken deur die voormalige Saham-lewensbesighede.

Die Sanlam Pan-Afrika Algemeen-portefeuilje het 'n moeilike jaar gehad, met eise-ervarings wat in die belangrikste lande steeds hoog was. Algemene koste aangegaan in Suid-Afrika en Marokko om hierdie besighede te ondersteun, word met ingang van 2019 aan die Lewens- en Algemeen-portefeuilles toegedeel. Algemene koste uitgesluit, het die portefeuilje 'n onderskrywingswinst van 3,2% behaal in vergelyking met 3,8% in 2018. Insluitend die toedeling van algemene koste het die onderskrywingswinst 2% beloop (voormalige Saham-portefeuilje: 2%), wat heelwat laer is as die teikenband van 5% tot 9%. Goeie opbrengste op versekeringsfondse, veral in Marokko, het 'n netto versekeringswinst van 12,9% ondersteun (voormalige Saham-portefeuilje: 13,9%), wat die laer grens van die teikenband van 12% tot 18% oorskry het. Die risiko's wat deur die voormalige Saham-besighede gedek is, is langer termyn van aard gegewe die blootstelling aan derdeparty-ongevallebesigheidslyne. Versekeringsfondssaldo's is dienooreenkomsdig hoër (meer as 100% van premies) en opbrengs op versekeringsfondse maak dus 'n groot komponent van die netto versekeringswinst (teikenband van 7% tot 9%) uit. Hierdie opbrengs is egter wisselvallig van aard weens die blootstelling aan aandele en eiendom binne die versekeringsfondsportefeuilles. Hierdie blootstelling is gepas om OoGEW in die langer termyn te optimaliseer gegewe die aard van beleggingsmarkte in Wes- en Noord-Afrika en lae rentekoerse in verskeie lande.

KOMMENTAAR OP DIE RESULTATE (vervolg)

Ander Internasional se groei van 66% in die bruto resultaat van finansiële dienste weerspieël hoofsaaklik sterk groei in Indië, veral in die algemene versekeringbesigheid.

Verdere kommentaar word in die gebiedsontleding verskaf.

Gebiedsontleding

Suider-Afrika se bruto resultaat van finansiële dienste het met 19% gestyg.

- Die *Namibiese* besighede het hul bruto resultaat van finansiële dienste met 8% gegroei. Lewensversekeringsverdienste het marginaal gestyg, met 'n verbetering in groeplewenseise-ervaring wat in groot mate geneutraliseer is deur hoër nuwe besigheidstremming. Die uitdagende ekonomiese toestande in Namibië het bygedra tot strawwe prysmededeling in die algemene versekeringmark. Santam Namibië se wins was gevoldiglik swak in vergelyking met die vorige jaar. Verdienste uit bankbedrywighede het met 6% gestyg.
- Die *Botswana*-besighede se groei in die bruto resultaat van finansiële dienste was 23%. Lewensversekeringsverdienste was 9% hoër en is ondersteun deur sterk groei in groepbegrafnisbesigheid, gunstige termynversekeringseise-ervaring en sterftewins op die lyfrerenteboek. Letshego se wins het met 31% gegroeи vanaf 'n lae basis in 2018 en het voordeel getrek uit na-afskrywingsverhalings ná 'n groter fokus op invorderings.
- Die bruto resultaat van finansiële dienste van ander Suider-Afrikalande het met 12% gestyg. Sterk groei in nuwe groepbesigheidsvolumes en 'n gunstige eise-ervaring het bygedra tot 'n verhoging van meer as 28% in Malawi se bydrae. Zambië het ook 'n groot verbetering vanaf 'n lae basis in 2018 getoon, wat verliese ingesluit het wat met die vorige gesondheidsorgadministrateur verband gehou het. Saham se MCI Care-besigheid bestuur met ingang van die 2019 gesondheidsboek.

Angola het 'n swak 2019 beleef met 'n gesamentlike verhouding van meer as 100%. Die Angolese geldeenheid het ineengestort ná die verwydering van die band waarbinne die Sentrale Bank die wisselkoers bestuur het. Die koste van ingevoerde motoronderdele en mediese inflasie het gevoldiglik skerp gestyg en die eise-ervaring onder groot druk geplaas. Herbepalings van prysse wat in reaksie daarop geïmplementeer is, het 'n mate van verligting gebring maar word nie ten volle in die 2019-verdienste weerspieël nie weens die vertraging veroorsaak deur jaarlikse hernuwings. In 2019 was die besigheidsamestelling ook meer gerig op die minder winsgewende mediese besigheidslyn. Verdere herbepalings van prysse en die stabilisasie van die geldeenheid behoort verdienste in 2020 te verbeter.

'n Verswakking in Saham Re se eiseverhouding het die newe-effek van die verhoogde eise-ervaring in Marokko, Angola en die Ivoorkus weerspieël. Saham Re het sy hoofkantoor in Mauritius en het dus as deel van Suider-Afrika verslag gedoen.

Noord- en Wes-Afrika se bruto resultaat van finansiële dienste het met 72% tot R1,5 miljard gestyg. Die belangrikste bydraers tot hierdie gebied is die voormalige Saham-besighede in Marokko en die Ivoorkus, en FBN Versekeringsfondse in Nigerië.

- In ooreenstemming met bedryfservaring het die hoë motoreise-ervaring in Marokko voortgeduur. Herbepalings van pryse en prosesse wat gedurende die jaar geïmplementeer is om die bestuur van eise te verbeter, sal geruime tyd neem om in die onderskrywingswens weerspieël te word. Die opbrengs op versekeringsfondse het teikens vir die jaar oortref, en die aandele- en effekteportefeuilles het hul rigpunte uitpresteer. Dit het bygedra tot 'n netto algemene versekeringswens van 17%, wat goed binne die teikenband was ondanks 'n ondergemiddelde onderskrywingswens van 0,8%. Die Marokkaanse lewensbesigheid het sy teiken vir die jaar oorskry en het voordeel getrek uit groeplewens se goeie sterftewins en positiewe beleggingvariansies.
- Bedryfsverdienste uit die Ivoorkus was teleurstellend. Verskeie middelgrootte brandeise, hoër mediese inflasie en 'n versterking van reserwes het 'n impak op die Ivoorkus se algemene versekeringswens gehad. Die lewensversekeringsbesigheid was ook minder winsgewend as wat verwag is weens negatiewe beleggingsvariansies, die kombinasie van negatiewe aandelemarkopbrengs en onderprestasie van sy rigpunt. Die samestelling van die portefeuilje word tans met die hulp van Sanfin hersien.
- Verskeie groot eise het 'n impak op Continental Re se onderskrywingswens gehad. Dit het blootstelling aan verliese weens die Mosambiekse sikloon, olie- en gas-eise in Lagos, brand- en ongelukseise in Gaborone, asook skeepseise en die verlies van 'n raffinadery in Douala ingesluit.
- FBN Insurance het sy bruto resultaat van finansiële dienste met 27% gegroei om vir die eerste keer R100 miljoen (Sanlam se 35%-aandeel) te oorskry - 'n skitterende prestasie vir hierdie nuwe besigheid wat in 2010 begin is. Sterk nuwe besigheidgroei het die Nigeriese resultate ondersteun.

Oos-Afrika se verdienste vir 2019 het 'n positiewe eenmalige impak van R85 miljoen (R33 miljoen ná aftrekking van belasting en minderheidsbelange) ingesluit wat verband gehou het met 'n verslapping van die regulatiële reserwebasis in Kenia. Tanzanië se algemene versekeringsverdienste het herstel van herstruktureringskoste en 'n besonder negatiewe eise-ervaring in 2018.

KOMMENTAAR OP DIE RESULTATE (vervolg)

Die bruto resultaat van finansiële dienste van die Ander Internasional gebied (Indië, Maleisië en Libanon) het met 49% gestyg.

- Die bruto resultaat van finansiële dienste in Indië het met 72% tot R2 miljard verbeter. Die kredietbesighede het groei van 20% aangeteken. Druk op uitbetalings weens likiditeitsbeperkings in die Indiese mark en laer verkope van nuwe voertuie het groei in die grootte van die leningboeke beperk. Dit is geneutraliseer deur verbetering in die netto rentewins by Shriram Vervoerfinansierings-maatskappy (STFC) en Shriram City Union Finansiële (SCUF). SCUF se verdienste is ook deur verbeterde invordering van agterstallige gelde ondersteun.

Shriram Algemene Versekering het uitstekende groei van 126% behaal van R387 miljoen in 2018 tot R875 miljoen in 2019. Dit was danksy 'n groot verbetering in die prestasie van die derdeparty-aanspreeklikheidboek. Hierdie besigheidslyn het voordeel getrek uit 'n laer eisefrekvensie ('n verbeterende tendens oor die afgelope paar jaar) en ook 'n strategiese fokus op eisebestuur wat resultate lewer deur beter bespeuring van bedrog en vinniger uitbetaling van eise teen 'n laer uiteindelike koste per eis. Dit het tot 'n laer reserwebasis in 2019 bygedra.

Lewensversekeringswins is negatief beïnvloed deur minder nuwe besigheid wat van die kredietbesighede se kliëntebasisse gegenereer is, in ooreenstemming met die laer uitbetalingsvlakte.

- Die bruto resultaat van finansiële dienste in Maleisië het met 17% tot R78 miljoen gedaal. Die lewensbesigheid het 'n goeie jaar beleef en sy winsbydrae met 32% verhoog. Doeltreffende bestuur van uitgawes, groter wins verdien op winsdelende besigheid en wanafgestemde wins het meer as vergoed vir hoë mediese, ongesiktheids- en kritieke siekte-eise-ervarings. Hoë eise-ervaring het voortgeduur by Pacific&Orient, die algemene versekeringsbesigheid. Bestuursuitgawes was ook hoër weens hoër bemarkingsbesteding en stelselontwikkelingsuitgawes aangegaan om 'n uitbreiding van die aantal agente te ondersteun ter uitvoering van hul motorstrategie. Dit het bygedra tot 'n teleurstellende verswakking van 60% in die algemene versekeringsbruto resultaat van finansiële dienste.
- Libanon het 'n bruto resultaat van finansiële dienste van R138 miljoen (2018: R68 miljoen) bygedra. Bedryfstoestande het teen die einde van 2019 beduidend versleg weens 'n skerp verlangsaming in die ekonomie en wydverspreide maatskaplike oproerigheid. 'n Positiewe eise-ervaring het die algemene versekeringsbesigheid, wat ongeveer 80% van die Libanese wins bydra, in staat gestel om sy teiken vir die jaar te klop ondanks die ekonomiese uitdagings. Aantreklike rentekoerse aangebied deur plaaslike banke, vererger deur die swak ekonomie en kwaai druk op besteebare inkomste, het tot die lae nuwe besigheidsvolumes en swak standhoudendheid bygedra. Lewensversekeringswins was dienooreenkomsdig onder druk. Teen die agtergrond van die soewereine risiko's en afgradering word hierdie resultate nie as volhoubaar beskou nie.

SIG se netto resultaat van finansiële dienste het met 7% laer in konstante valuta). Al die belangrikste besighede het bevredigende groei aangeteken, behalwe die VK welvaart- en adviesbesighede wat deur laer fooi inkomste, eenmalige transaksie- en projekverwante uitgawes beïnvloed is. Die effektiewe belastingkoers vir die groepering het gestyg weens die konsolidasie van Nucleus, belastingaanpassings van die vorige jaar en nie-aftrekbare uitgawes in die VK.

**SIG se bruto resultaat van finansiële dienste vir die jaar geëindig
31 Desember 2019**

R miljoen	2019	2018	Δ
Sanlam Beleggings (derdepartybesigheid)	536	377	42%
Welvaartbestuur	186	170	9%
Internasionaal	355	515	(31%)
Korporatiewe dienste	(28)	(16)	(75%)
Beleggingsbestuur	1 049	1 046	-
Sanlam Gespesialiseerde Finansies	510	496	3%
Sanlam Batebestuur	214	204	5%
Sentrale Kredietbestuurder en ander	296	292	1%
Bruto resultaat van finansiële dienste	1 559	1 542	1%
Belasting op bruto resultaat van finansiële dienste	(392)	(326)	20%
Nie-beherende belang	(97)	(64)	(52%)
Netto resultaat van finansiële dienste	1 070	1 152	(7%)

- Die *Sanlam Beleggings-derdepartybatebestuurder* se bruto resultaat van finansiële dienste het met 42% verbeter – 'n skitterende prestasie onder moeilike toestande. Die strategiese fokus op alternatiewe bateklasse het hoë verdienste in 2019 bygedra. Die sluiting van die Climate Investor One Fund teen \$850 miljoen het eenmalige inkomste van R68 miljoen in die Alternatiewe-besigheid genereer. Sanlam Eiendomme se bedryfswins het met 54% van R39 miljoen tot R60 miljoen gestyg, met die besigheid wat 'n sterk fooi-inkomste uit eiendomsverkrygings en -ontwikkelings genereer het. Prestasiefooie, streng kostbeheer en soliede netto fondsinvloei het fooi-inkomste in die ander besigheidseenhede ondersteun. Die beleggingspan het 'n goeie jaar gehad en meer as 85% van portefeuiljes het hul rigpunte oorskry. Dit het 'n styging in netto prestasiefooie van R17 miljoen in 2018 tot R71 miljoen in 2019 ondersteun. Die Large Manager Watch Global-portefeuilje was 2de uit 10 op die ranglys.
- *Welvaartbestuur* se bruto resultaat van finansiële dienste het met 9% verbeter. Fooi-inkomste het met ongeveer 10% gestyg danksy netto invloei die vorige jaar en 'n gunstige verandering in die besigheidssamestelling. Makelaarsinkomste was oor die algemeen egter swakker weens laer algehele handelsvlakke in die onseker omgewing.

KOMMENTAAR OP DIE RESULTATE (vervolg)

- Die *Internasionaal* besigheid is negatief beïnvloed deur laer makelaarsinkomste in die welvaartbesigheid, laer adviesfooie, voorsiening van nagenoeg R30 miljoen vir swak skuld en eenmalige uitgawes aangegaan met betrekking tot verkrygings, herstrukturering en ander projekte. Dit het 'n andersins sterk onderliggende prestasie geneutraliseer, met die batebestuur-besighede wat voordeel uit hoër bates onder bestuur getrek het.
- *Sanlam Gespesialiseerde Finansies* (Sanfin) het goed gevaar om sy bruto resultaat van finansiële dienste met 3% te verhoog, ondanks moeilike toestande in 2019. Die Sanlam Batebestuur-besigheid (wat Sanlam Portefeuiljebestuur en Sanlam Gestruktureerde Oplossings insluit) het winsgroei van 5% behaal - 'n lewenskragtige prestasie in die lig van laer gemiddelde aandelemarkte en die heraanwending van kapitaal deur Sanlam vir korporatiewe transaksies wat 'n negatiewe impak op die besigheid se batebasis gehad het. Sanlam Kapitaalmarkte (insluitend die Sentrale Kredietbestuurder (CCM)) kon sy bedryfswins met 1% verhoog ten spyte van hoë korporatiewe kredietvoorsiening. Bestuur van die Sanlam Korporatief inflasie-gekoppelde-annuïtéitportefeuilje is met ingang van 1 Januarie 2019 oorgedra aan die CCM, wat R38 miljoen tot die CCM se wins in 2019 bygedra het. Die CCM moes dekking van nagenoeg R185 miljoen verkry teen verskeie Suid-Afrikaanse kredietblootstellings (uitgesluit Mayfair), wat groter kredietrisiko weerspieël het. Die blootstelling aan Mayfair het verminder van nagenoeg R800 miljoen ten tyde van die ineenstorting van die Steinhoff-aandeleprys in 2017 tot R381 miljoen insluitend rente op 31 Desember 2019. 'n Dekking van 25% is op 31 Desember 2019 teen die belegging gehou, wat 'n netto deelname-waarde van R286 miljoen impliseer. Ingesluit befondsingskoste het die Mayfair-blootstelling R11 miljoen van verdienste in 2019 afgetrek.

Santam se netto resultaat van finansiële dienste het met 2% gestyg.

- Santam se 2018 finansiële jaar is gekenmerk deur 'n besonder gunstige eise-omgewing wat bygedra het tot 'n onder-skrywingswins van 9,2% vir konvensionele besigheid. Die gunstige eise-ervaring het nie in die eerste helfte van 2019 voortgeduur nie, wat bygedra het tot 'n daling in die onderskrywingswins vir konvensionele besigheid tot 7,7%, wat egter steeds by die boonste grens van die teikenband van 4% tot 8% was. Die onderskrywings-resultaat vir konvensionele besigheid het dienooreenkomsdig met 12% verswak. Die aanspreeklikheidbesigheidslyn het 'n sterk herstel getoon. Dit het eise ingesluit wat verband gehou het met die uitbreek van listeriose vroeg in 2018 in die vergelykbare basis. Die kernmotorboek het met 1% gegroei vanaf die hoë basis in 2018, terwyl die ingenieurslyn groei van 5% in onderskrywingswins aangeteken het. Hierdie groei is egter gedeeltelik geneutraliseer deur 'n skerp verswakking in die eiendom- en landboulyne, wat negatief beïnvloed is deur verskeie brand-, oorstromings- en haelvoorvalle in 2019. Die alternatiewe risiko-oordragbesigheid het 'n goeie jaar beleef en sy bydrae tot bedryfswins van R64 miljoen meer as verdubbel.

- Beleggingsopbrengs op versekeringsfondse het met 15% gestyg en is aangedryf deur verbeterde beleggingsopbrengste en hoër versekeringsfondssaldo's.
- Santam se aandeel in verdienste uit die SOM algemene versekering besighede het met 77% gestyg en is ondersteun deur 'n sterk prestasie deur Shriram General Insurance. Santam se winsdeling in die Saham-verdienste het met 15% gestyg, insluitend die vergroting van Santam se effektiewe belang gedurende 2018.

Sanlam Korporatief se netto resultaat van finansiële dienste het met 2% gestyg – 'n groot verbetering sedert die eerste helfte van 2019 toe resultate onder druk was. Die bruto resultaat van finansiële dienste het met 3% verbeter. As die inflasiegekoppelde-annuïteitportefeuilje wat aan Sanfin oorgedra is en die gesondheidbesighede wat in 2018 aan AfroCentric verkoop is, uitgesluit word uit die vergelykbare basis, het die bruto resultaat van finansiële dienste met 'n aanneemlike 14% gestyg. Herbepaling van pryse in reaksie op die hoër groeprisiko-eise-ervaring is besig om vrugte af te werp en daar was 'n groot verbetering in hierdie besigheidslyn ondanks 'n steeds hoë eisevlak. Groeprisikowins het in 2019 tot R210 miljoen verdubbel. Goeie vordering met die omskakeling van losstaande fondse na die Sanlam Sambreelfonds bevoordeel die verdienste van die administrasie-, advies- en beleggingseenhede. Eenmalige uitgawes en 'n daling in beleggingsopbrengs ná die aanwending van kapitaal vir verkrygings het AfroCentric se winsgroei tot 4% beperk.

Netto bedryfswins van R10,8 miljard is 14% hoër as in 2018. Dit is die gesamentlike uitwerking van die verbetering van 9% in die netto resultaat van finansiële dienste, 'n daling van 4% in netto geproekteerde uitgawes en 'n styging van 79% in netto beleggingsopbrengs. Netto beleggingsopbrengs sluit IFRS 9-kredietvoorsiening van ongeveer R340 miljoen in ná die afgradering van Libanon se soewereine kredietgradering. Dit het in groot mate die voordeel van relatief sterker beleggingsmarkprestasie in verskeie ander lande in 2019 geneutraliseer.

Genormaliseerde toeskryfbare verdienste het met 21% gedaal en is deur die volgende onderdruk:

- Netto amortisasie van ontasbare bates het van R400 miljoen in 2018 tot R766 miljoen in 2019 gestyg en is toeskryfbaar aan die amortisasie van die waarde van besigheidsverkreë ontasbare bates wat in 2018 erken is toe Saham en Nucleus filiale geword het.
- Netto eiekapitaalkoste sluit eenmalige koste van R594 miljoen in 2019 in ten opsigte van die 5% BBSEB aandele-uitgifte. Die totale eenmalige IFRS 2-koste het R1 686 miljoen beloop. 'n Bedrag van R594 miljoen is in genormaliseerde toeskryfbare verdienste erken en verteenwoordig die ekonomiese koste aan Sanlam-aandeelhouers van die uitreiking van die aandele teen 'n hoër as markverwante korting. Die res word in fondsoordragte erken.

KOMMENTAAR OP DIE RESULTATE (vervolg)

- Netto wins op die vervreemding van filiale en geassosieerde maatskappye van R2,8 miljard is in 2018 ooreenkomstig met IFRS erken as gevolg van die konsolidasie van Saham en Nucleus vir die eerste keer. Dit was eenmalige verdienste wat die vergelykbare basis verhoog het.
- Waardedalings van R339 miljoen is in 2019 erken in vergelyking met R305 miljoen in 2018. Druk op die genoteerde aandelepryse van Bank Windhoek en Letshego het 'n beperking geplaas op die GEW-waardasie van Capricorn Investment Holdings (ons Namibiese assosiaat wat 'n belang in Bank Windhoek het) en Letshego. Dit het waardedalings van onderskeidelik R88 miljoen en R74 miljoen tot gevolg gehad. 'n Waardedaling van R44 miljoen is ook erken om die deelnamewaarde van die Zimbabweense besighede tot nul te verminder. Die onderprestasie by Pacific&Orient het 'n waardedaling van R55 miljoen vereis.

Wesensverdienste het met 18% gedaal. Die verskil tussen genormaliseerde toeskryfbare verdienste en wesensverdienste hou hoofsaaklik verband met die uitsluiting van waardedalings (R339 miljoen; 2018: R305 miljoen) en wins op die vervreemding van filiale en geassosieerde maatskappye (-R6 miljoen; 2018: R2 773 miljoen), en die insluiting van negatiewe fondsoordragte van R2 miljard (2018: positiewe R106 miljoen) in wesensverdienste. Fondsoordragte sluit in:

- Nie-ekonomiese wanafgestemde wins en verliese erken ooreenkomstig IFRS deur die eliminasie van Sanlam-aandele wat as tesourie-aandele in polishouerportefeuilles gehou is en die erkenning van uitgestelde belasting-bates ten opsigte van aangeslane verliese in polishouerportefeuilles (netto verlies van R267 miljoen).
- Die verskil tussen die IFRS 2-koste van R1,7 miljard wat ten opsigte van die BBSEB aandele-uitgifte erken is en 'n markverwante korting van R594 miljoen (uitgawe van R1 092 miljoen).
- Konsolidasie van die BBSEB SPV, wat lei tot die erkenning in Sanlam se verdienste van rente betaal op eksterne befondsing in die SPV en administrasiekoste aangegaan deur die SPV (netto uitgawe van R601 miljoen).

Die aantal aandele wat gebruik word om wesensverdienste per aandeel te bereken, word verminder met die 5% aandele wat deur die BBSEB SPV gehou word, omdat dit by konsolidasie as tesourie-aandele hanteer word en afgeskryf word tot nul teen reserwes in die IFRS Staat van Finansiële Posisie.

Besigheidsvolumes

Nuwe besigheidsvolumes het met 12% toegeneem ondanks swak beleggersvertroue in Suid-Afrika en laer beleggingsinvloei in die VK, Namibië en Kenia. Nuwe lewensversekeringsbesigheid het marginaal toegeneem, beleggingsbesigheidsvloei het met 14% vermeerder en verdiende algemene versekeringspremies het met 22% gestyg.

SPF het in die tweede helfte van die jaar goed gepresteer en veral Glacier het hernude momentum gekry. Algehele verkope van nuwe besigheid het met 1% toegeneem, op 2%, uitgesluit die Capitec kredietlewensbesigheid wat in 2018 geskryf is en nie in 2019 herhaal is nie.

SPF nuwe besigheidsvolumes vir die jaar geëindig 31 Desember 2019

R miljoen	2019	2018	△
Sanlam Sky	2 726	2 494	9%
Herhalende Premie-subgroepering en Strategiese besigheidsontwikkeling	3 429	3 412	1%
Spaarbesigheid	2 204	2 209	-
Risiko en nuwe inisiatiewe	1 225	1 203	2%
Glacier	55 658	55 065	1%
Lewensbeleggings	9 406	10 082	(7%)
LISP	46 252	44 983	3%
Nuwe besigheidsvolumes	61 813	60 971	1%

- *Sanlam Sky* se nuwe besigheid het met 9% gestyg – 41% hoër – uitgesluit die 2018 Capitec Bank-kredietlewensbesigheid van R566 miljoen wat nie in 2019 herhaal is nie. Die Capitec Bank-begrafnisproduk wat in Mei 2018 bekendgestel is, oortref steeds verwagtinge en het in 2019 nuwe besigheidsverkope van R1,1 miljard aangeteken. Die African Rainbow-lewensbesigheid wat pas bekendgestel is, het 'n eerste bydrae van R13 miljoen gelewer. Verkope deur die tradisionele individuele lewens-tussenganger kanaal het 'n bevredigende styging van 10% getoon en bygedra tot algehele groei van 50% in nuwe individuele lewensbesigheid, insluitend Capitec Bank-begrafnisbesigheid. Safrican het 'n swakker jaar beleef en het groei in herhalende nuwe groepbesigheid tot 'n marginale 1% onderdruk, uitgesluit Capitec Bank-kredietlewens.
- Die *Herhalendepremie-subgroepering en Strategiese besigheidsontwikkeling* het nuwe besigheidsvolumes met 1% gegroei – die gesamentlike uitwerking van swak nuwe besigheidsvolumes in die Spaarbesigheid en 2% meer verkope by die ander besigheids-eenhede. Die vraag na enkelpremie-uittree-annuïteite was steeds sterk, maar die meeste ander besigheidslyne het laer nuwe besigheidsverkope aangeteken. Dit weerspieël die druk op besteebare inkomste in die middel inkomstemark en 'n gevoldlik uiters mededingende omgewing. MiWayLife en Sanlam Indie het sterk groei vanaf 'n lae basis aangeteken.
- *Glacier* het in die tweede helfte van die jaar hernude momentum in nuwe besigheidsverkope gekry. Beleggingsbesigheid het 2019 met groei van 5% afgesluit, terwyl lewensbesigheid met 3% verswak het. Algehele nuwe besigheidsverkope het met 1% toegeneem. Sterk vraag na diskresionêre spaarprodukte, gewaarborgde lyfrentes, en die beleggingskoppelde lewende annuïteit (ILLA) is in groot mate geneutraliseer deur laer volumes in ander besigheidslyne.

Die swak vraag na enkelpremie lewensbesigheid het 'n negatiewe impak gehad op SPF se netto fondsinvloei, wat met 7% gedaal het van R10,3 miljard in 2018 tot R9,6 miljard in 2019.

KOMMENTAAR OP DIE RESULTATE (vervolg)

SOM se nuwe besigheidsvolumes het met 33% gestyg en voordeel getrek uit die Saham strukturele bedrywigheid (8% hoër uitgesluit strukturele bedrywigheid en in konstante valuta). Al die belangrikste Saham-gebiede het hul volumeteikens vir die jaar behaal, behalwe Angola, die Ivoorkus en Libanon. Algehele volumes van nuwe algemene versekering-besigheid in die voormalige Saham-portefeuilje het met 15% toegeneem op 'n ten volle gekonsolideerde grondslag vir 2018 én 2019. Bruto geskrewe algemene versekeringpremies het op 'n soortgelyke grondslag met 13% gestyg.

SOM nuwe besigheidsvolumes vir die jaar geëindig 31 Desember 2019

R miljoen	2019	2018	△
Suider-Afrika	15 695	13 992	12%
Noord- en Wes-Afrika	12 666	6 979	81%
Oos-Afrika	2 362	1 868	26%
Ander internasional	4 086	3 385	21%
Nuwe besigheidsvolumes	34 809	26 224	33%
Algemene versekering	15 604	9 873	58%
Lewensversekering	8 343	6 410	30%
Batebestuur	10 862	9 941	9%

Suider-Afrika se nuwe besigheidsvolumes het met 12% toegeneem (11% hoër in konstante valuta).

- Nuwe besigheidsvolumes in Namibië het met 14% gedaal. Nuwe lewensbesigheid het met 20% verbeter, met sterk groei in verkope in die intreevlak- én die hoë-inkomstemark. Nuwe beleggings-besigheid, wat wisselvallig van aard is en meer deur die ekonomiese toestande in Namibië geraak word, het met 25% gedaal.
- In Botswana het verskeie groot mandate nuwe beleggings-besigheidsvolumes met 57% verhoog. Nuwe lewensbesigheid het ook sterk groei van 16% aangeteken, ondersteun deur goeie groepbegrafnisskema-verkope. Algehele nuwe besigheidverkope het met 43% gestyg.
- Nuwe besigheidsvolumes in die ander Suider-Afrikagebiede het met 13% toegeneem. Angola het swakker as sy randgebaseerde teiken gevaa. Dit kan toegeskryf word aan die impak van die Kwanza-wisselkoers en 'n nadelige verandering in die samestelling van besigheid van motor na gesondheid. Die groei van Saham Re in Mauritius is beïnvloed deur laer premievloeie uit Angola as gevolg van die swak wisselkoers. Zimbabwe se nuwe besigheid het met 59% gedaal tot R158 miljoen – die totale uitwerking van die aansienlik swakker wisselkoers en laer volumes in die plaaslike geldeenheid onder uitdagende ekonomiese toestande. Alle ander lande het sterk groei in alle besigheidslyne aangeteken.

Nuwe besigheidsvolumes in Noord- en Wes-Afrika het met 81% gestyg. Die grootste bydraers tot hierdie gebied is (persentasie dui bydrae tot nuwe besigheidsvolumes aan): die Saham-besighede in Marokko (59%), Ivoorkus (9%) en Nigerië (12%) asook FBN Insurance in Nigerië (5%). Die Saham-besighede het algehele nuwe besigheidsvolumes behaal wat in die breë in ooreenstemming met die teiken vir die jaar is. FBN Insurance groei steeds sterk teen 24%.

In die Oos-Afrikagebied het alle lande, behalwe Kenia, groei van meer as 20% aangeteken. Kenia se nuwe besigheidsvolumes is steeds teleurstellend en alhoewel dit 17% hoër was as in 2018 was dit heelwat laer as die teiken vir die jaar. Lae individuele lewensvolumes het die grootste afbreek aan die nuwe besigheidsprestasie gedoen.

Indië is steeds die grootste bydraer tot die Ander Internasionaal-gebied. Nuwe besigheidsvolumes in hierdie gebied het met 21% gegroei.

- Nuwe besigheidsproduksie by die Indiese lewensversekeringsbesigheid was onder druk as gevolg van die likiditeitskrisis in Indië en was 2% laer as in 2018. Die algemene versekeringsbesigheid het baie sterker groei van 15% aangeteken en bygedra tot algehele groei van 12%.
- Maleisiese nuwe besigheidsvolumes het met 29% gestyg tot R778 miljoen. Die regruk van die lewensbesigheid gaan voort, met uitmuntende groei van 43% in nuwe besigheidsvolumes. Die besigheidsamestelling het ook verander na die meer wins-gewende nie-winsdelende besigheidslyne. Nuwe algemene versekeringsbesigheid het met 11% gestyg en het nie aan verwagtinge voldoen nie.
- Die Libanese besighede het nuwe besigheid van R698 miljoen bygedra onder besonder moeilike bedryfstoestance. Nuwe lewensbesigheid van R134 miljoen was heelwat laer as die teikens vir die jaar en is nadelig beïnvloed deur die uitdagende toestande, soos hierbo genoem. Die algemene versekeringsbesigheid het besonder goed gevaaar en het die jaar effens laer as die teiken afgesluit. Die meer welvarende makelaarsbesigheid was in die uitdagende ekonomiese omgewing meer lewens-kragtig. Dit word egter nie geag volhoubaar te wees nie.

Netto fondsinvloei het met 31% gestyg van R8,6 miljard in 2018 tot R11,2 miljard in 2019. Die impak van die Saham strukturele verandering was die belangrikste bydraer.

SIG se nuwe besigheidsvolumes het met 'n uitstekende 14% toegeneem – die totaal van 24%-groei in die Suid-Afrikaanse bate- en welvaart-bestuurbesighede, wat gedeeltelik geneutraliseer is deur 'n kleiner bydrae van die internasionale portefeuilje. Nuwe besigheidsprestasie was wydgerig in die Suid-Afrikaanse batebestuurbesigheid, met bevredigende institusionele, kleinhandel- en alternatiewe invloei. Die Alternatiewe-besigheid het sterk invloei gerapporteer omdat Climate

KOMMENTAAR OP DIE RESULTATE (vervolg)

Investor One Fund in Junie 2019 finaal op \$850 miljoen gesluit is. Kleinhandelfondse het sterk invloei oor oplossings en produkte heen gerapporteer met Geïmplementeerde Konsultasie, en die SIM kollektiewe beleggingskemareeks en Satrix-fondse het almal goeie invloei ervaar. Welvaartbestuurinvloei het in die tweede helfte van 2019 verbeter en die jaar met groei van 38% afgesluit. Netto fondsinvloei was 'n besonderse hoogtepunt vir die jaar met 'n styging van 194% tot R21,2 miljard. Die sterk nuwe besigheidsinvloei by die Suid-Afrikaanse batebestuurbesighede word ook weerspieël in hul bydrae tot netto fondsinvloei, wat verdriedubbel het. Welvaartbestuur het laer netto invloei ervaar (28% laer), terwyl die internasionale besigheid ook onderpresteer het met 'n daling van 75% in netto invloei van R2,3 miljard in 2018 tot R579 miljoen in 2019.

Bruto geskrewe premies by **Santam** het met 8% gestyg. Motor en Eiendom, wat 68% van totale bruto geskrewe premies bygedra het, het met 'n gesamentlike 6% gestyg in 'n uitdagende omgewing van lae ekonomiese groei en mededingende druk. Motorbesigheid het met 4% gestyg. Sterk groei van 10% by MiWay is gedemp deur marginale groei in die intermediêre kommersiële boek. Eiendomsbesigheid het met 9% gegroei ná goeie groei by Santam Re, Niche en Kommersieel. Ingenieursbesigheid (20%) en alternatiewe risikobesigheid (14%) het ook sterk groei gerapporteer.

Sanlam Korporatief het sy nuwe besigheidsvolumes met 'n soliede 14% gegroei vanaf 'n hoë basis in 2018. Dit het 'n paar groot mandate ingesluit. Herhalende- en enkelpremiebesigheid het albei goeie groei aangeteken. Die sambreelfonds- en nie-lewensbelegging-besigheidslyne het die meeste van die groei bygedra.

Algehele netto fondsinvloei van R56,8 miljard in 2019 is 'n besonder bevredigende prestasie gegewe die uitdagende marktoestande.

Besigheidsvolumes vir die jaar geëindig 31 Desember 2019

R miljoen	Nuwe besigheid			Netto invloei		
	2019	2018	△	2019	2018	△
Sanlam Persoonlike Finansies	61 813	60 971	1%	9 593	10 294	(7%)
Sanlam Opkomende Markte	34 809	26 224	33%	11 239	8 607	31%
Sanlam Beleggingsgroep	113 236	99 696	14%	21 221	7 214	194%
Santam	24 227	22 812	6%	9 146	8 986	2%
Sanlam Korporatief	15 238	13 326	14%	5 567	6 438	(14%)
Totaal	249 323	223 029	12%	56 766	41 539	37%
Lewensversekerings-besigheid	53 927	53 815	-	15 989	16 814	(5%)
Beleggingsbesigheid	155 565	136 529	14%	25 596	11 779	117%
Algemene versekering	39 831	32 685	22%	15 181	12 946	17%
Totaal	249 323	223 029	12%	56 766	41 539	37%

Waarde van nuwe gedekte besigheid

Die verdiskonteringskoers wat gebruik word om WNB te bepaal hou regstreeks verband met langtermynrentekoerse. Die verlaging van 20 basispunte en 50 basispunte in onderskeidelik die Suid-Afrikaanse nege- en vyfjaarrigkoerse gedurende 2019 in vergelyking met die einde van 2018 het 'n ooreenstemmende verlaging in die risiko-verdiskonteringskoers tot gevolg gehad. Dit het 'n positiewe impak van 4,6% op WNB-groei gehad. Veranderinge in die mengsel van besigheid, goeie kostebestuur en prysinisiatiewe het bygedra tot 'n algehele toename in WNB marges.

Netto WNB het teen werklike rentekoerse met 15% gestyg en op 'n vergelykbare ekonomiese grondslag met 10%.

SPF het algehele groei van 17% behaal (12% op 'n vergelykbare grondslag). Sanlam Sky se WNB het met 24% toegeneem (17% op 'n vergelykbare ekonomiese grondslag) en is ondersteun deur die uitsonderlike prestasie van die Capitec Bank-begrafnisbesigheid en die sterk groei in nuwe individuele lewensbesigheid wat deur die tradisionele tussengangerkanaal geskryf is. Die vergelykbare grondslag sluit die WNB van R36 miljoen van Capitec Bank se kredietlewensbesigheid in wat nie in 2019 herhaal is nie. WNB van die herhalende premie-groepering het met 34% verbeter (26% op 'n vergelykbare ekonomiese grondslag) en het voordeel getrek uit herprysbepalings wat in 2018 geïmplementeer is, 'n positiewe verandering in die samestelling van besigheid, 'n goeie verhoging in BrightRock, MiWayLife en Santam Indie se bydrae, en 'n paar veranderinge in die aktuariële grondslag. Glacier se WNB het met 8% gedaal en weerspieël sy nuwe besigheidsprestasie.

Netto WNB by **SOM** het met 1% gestyg (2% laer in konstante valuta). Namibië, Botswana en Maleisië het bevredigende groei van onderskeidelik 9%, 20% en 64% aangeteken. Die prestasie van Namibië en Maleisië is grootliks in ooreenstemming met die groei in nuwe lewensbesigheidsvolumes. Botswana se WNB-groei het voordeel getrek uit die swakker gemiddelde randwisselkoers en die goeie verkope van groep-begrafnisbesigheid. Ondanks goeie groei in Kenia se lewensbesigheid het dit nie aan verwagtinge voldoen nie. 'n Afname in die aantal polisse het verkrygings- en instandhoudingseenheidskoste onder druk geplaas. Negatiewe veranderinge in ekonomiese aannames het 'n impak op Negerië se WNB-bydrae gehad, wat met 28% gedaal het. Indië se 20%-daling in WNB kan toegeskryf word aan die laer nuwebesigheidsvolumes en die insluiting van distribusie-uitbreidingskoste. Wins in Marokko en die Ivoorkus het gedaal weens 'n verandering in die besigheidsamestelling na minder winsgewende groepbesigheid in Marokko en negatiewe modelleringveranderinge in die Ivoorkus. Libanon se WNB het ook gedaal en weerspieël die swak prestasie van nuwe lewensbesigheid.

Sanlam Korporatief se WNB het met 22% gestyg – die kombinasie van sterk nuwe besigheidsgroei en produk mengsel.

KOMMENTAAR OP DIE RESULTATE (vervolg)

Waarde van nuwe gedeekte besigheid vir die jaar geëindig
31 Desember 2019

R miljoen	2019	2018	△	CEB
Netto waarde van nuwe gedeekte besigheid	2 280	1 985	15%	10%
Sanlam Persoonlike Finansies	1 763	1 504	17%	12%
Sanlam Opkomende Markte	343	338	1%	(3%)
Sanlam Beleggingsgroep	-	-	-	-
Sanlam Korporatief	174	143	22%	23%
Voor aftrekking van nie-beherende belang	2 542	2 187	16%	12%
Netto huidige waarde van nuwe besigheidspremies	76 446	74 378	3%	3%
Sanlam Persoonlike Finansies	49 269	48 790	1%	-
Sanlam Opkomende Markte	10 242	8 366	22%	21%
Sanlam Beleggingsgroep	3 410	3 334	2%	2%
Sanlam Korporatief	13 525	13 888	(3%)	(3%)
Voor aftrekking van nie-beherende belang	81 540	78 085	4%	4%
Netto marge van nuwe gedeekte besigheid	2,98%	2,67%		2,88%
Sanlam Persoonlike Finansies	3,58%	3,08%		3,44%
Sanlam Opkomende Markte	3,35%	4,04%		3,24%
Sanlam Beleggingsgroep	-	-		-
Sanlam Korporatief	1,29%	1,03%		1,30%
Voor aftrekking van nie-beherende belang	3,12%	2,80%		3,00%

Kapitaalbestuur

Diskresionêre kapitaal

Die Groep het die jaar met diskresionêre kapitaal van R3,7 miljard begin, ná betaling vir die Saham-verkryging. Verskeie transaksies in 2019 het 'n impak gehad op die saldo van beskikbare diskresionêre kapitaal, wat op 31 Desember 2019 R220 miljoen beloop het.

Diskresionêre kapitaal op 31 Desember 2019

R miljoen	2019
Diskresionêre kapitaal op 31 Desember 2018	(3 678)
Surplus dividenddekking	380
Surplus beleggingsopbrengs – Sanlam Lewens	391
Vrystelling van surplus kapitaal	593
Sanlam Persoonlike Finansies	211
Sanlam Opkomende Markte	382
Kapitaal ingesamel – kontantkomponent	4 450
Totale kapitaal ingesamel	7 794
Netto verkoper befondsing	(2 997)
Dividende betaal ten opsigte van nuwe aandele	(347)
Beleggingsopbrengs en ander Korporatiewe aktiwiteit	51
Suid-Afrika	(331)
Ander opkomende markte	(1 022)
Ontwikkelde markte	(614)
Diskresionêre kapitaal op 31 Desember 2019	220

Bewegings in diskresionêre kapitaal gedurende 2019 het die volgende ingesluit:

- Die surpluskontantbedryfsverdienste-dekking ten opsigte van die dividend wat in 2019 betaal is.
- Beleggingsopbrengs verdien op die Sanlam Lewens-kapitaalbasis is aan diskresionêre kapitaal vrygestel.
- Kapitaal van R593 miljoen is vrygestel uit die SPF- en SOM-besighede. Die voortgesette konsolidasie van Sanlam Sky-besigheid op een lewenslisensie het R211 miljoen vrygestel. Dit is aangevul deur 'n R382 miljoen-vrystelling van toegedeelde kapitaal uit SOM se Namibiese besighede. Kapitaaloptimalisering is steeds 'n fokusarea binne SPF en SOM en verdere vrystellings word in 2020 verwag.
- Diskresionêre kapitaal van R4,5 miljard is verkry deur die 5% BBSEB aandele-uitgifte in die eerste helfte van 2019.
- R2 miljard is altesaam vir korporatiewe bedrywigheude aangewend:
 - Beleggings in Suid-Afrika hou verband met die kapitalisasie van African Rainbow-lewensbesigheid (R152 miljoen), die verkrywing van aandele van BrightRock-minderheidsbelange (R36 miljoen) en verskeie kleiner transaksies binne SIG.
 - Die aanwending in ander opkomende markte hou hoofsaaklik verband met R806 miljoen wat aangewend is vir die kapitalisering van versekeraars in die CIMA-gebied ná 'n verhoging in minimum regulatiewe kapitaalvlakke in die gebied, 'n verhoging in die effektiewe belang in Angola van 60% tot 70% en uitgawes aangegaan in die herstrukturering van die Saham statutêre struktuur om toekomstige kapitaal- en dividendvloeie te optimaliseer. 'n Bedrag van R167 miljoen is ook aangewend vir 'n betaling aan Santam om sy ekonomiese belang in SOM se algemene versekeringbesighede in Afrika (uitgesluit Namibië en Saham Finances) van 35% tot 10% te verklein.

KOMMENTAAR OP DIE RESULTATE (vervolg)

- Sanlam VK het die volgende verkrygings afgehandel:
 - o Blackett Walker, 'n advies- en batebestuurbesigheid, vir R68 miljoen in ooreenkomsdig met sy strategie om die distribusienetwerk uit te brei en kapasiteitsbesparinge te bewerkstellig.
 - o Die Thesis Groep se privaatkliëntebesigheid, distribusienetwerk, direkte ondersteuningspanne en Pallant, sy finansiële beplanning-besigheid, vir 'n totale koopsom van BP35 miljoen. Die aanvanklike betaling het BP28 miljoen (R521 miljoen) bedra. Thesis het 'n beduidende teenwoordigheid in die suide van Engeland, met bates van BP1,2 miljard onder bestuur en 'n span van 30 beleggingskundiges. Die transaksie het Sanlam VK se diskresionêre privaatkliëntebates onder bestuur tot BP4,2 miljard verhoog. Die oorblywende koopsom is binne 18 maande vanaf die effektiewe datum in twee dele betaalbaar, onderhewig aan die behoud van bates onder bestuur.
 - o As deel van sy IFA-strategie het Sanlam VK 'n belang van 55% in Avidus Scott Lang & Co (ASL) vir 'n totale koopsom van BP2,2 miljoen verkry. Die aanvanklike betaling het BP1,3 miljoen (R25 miljoen) beloop, en die res is tot Junie 2021 in 'n aantal dele betaalbaar op grond van prestasieteikens. ASL is 'n finansiële-adviesbesigheid met sy hoofkantoor in Sale, suid van Manchester.
- Beleggingsopbrengs verdien op die diskresionêrekapitaalportefeuje en ander klein bewegings het R51 miljoen toegevoeg.

Solvensie


Al die belangrikste lewensversekeringsbesighede binne die Groep was aan die einde van Desember 2019 voldoende gekapitaliseer. Die Sanlam Groep se Solvensiekapitaalvereiste-dekkingsverhouding (SKV) was steeds op 'n gesonde vlak van 211%. Die SKV-dekking vir Sanlam Lewensversekering Beperk (Sanlam Lewens) se gedeakte besigheid van 206% op 31 Desember 2019 het aan die boonste punt van die teikenband van tussen 170% en 210% gebly. Die SKV-dekkingsverhouding vir die Sanlam Lewens-entiteit in die geheel teen 253% het die gedeekte-besigheidverhouding aan die einde van Desember 2019 oorskry as gevolg van die insluiting van diskresionêre en ander kapitaal wat op Sanlam Lewens se balansstaat gehou is, asook beleggings in Santam en ander Groepbesighede wat nie aan Sanlam Lewens se gedeektebesigheidbedrywighede toegedeel is nie.

Dividend


Met toepassing van die Groep se dividendbeleid het die Direksie besluit om die gewone dividend per aandeel met 7,1% tot 334 sent te verhoog. Dit is binne ons teikenband van 2% tot 4% reële groei oor 'n 3-jaar rolperiode. Dit sal 'n kontantbedryfsverdienstedekking van ongeveer 1 keer handhaaf.

Die Suid-Afrikaanse stelsel van terughoubelasting op dividende is op hierdie dividend van toepassing. Die volle dividend is onderhewig aan die 20%-terughoubelasting, waarvan toepassing. Dit beteken 'n netto finale dividend van 267,2 sent per aandeel vir daardie aandeelhouers wat nie vrygestel is van dividendbelasting nie. Die aantal uitgereikte gewone aandele in die maatskappy se aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 2 069 106 282 uitgesluit 274 231 765 tesourie-aandele op 31 Desember 2019. Die maatskappy se belasting-verwysingsnommer is 9536/346/84/5.

Aandeelhouers word in kennis gestel dat die finale kontantdividend van 334 sent vir die jaar geëindig 31 Desember 2019 op Maandag 20 April 2020 by wyse van elektroniese bankoorderagte betaalbaar is aan gewone aandeelhouers wat teen kantoorluiting op Vrydag 17 April 2020 in Sanlam se register aangeteken is. Die laaste verhandelingsdatum om vir hierdie dividend in aanmerking te kom, is Dinsdag 14 April 2020, en Sanlam-aandele sal vanaf Woensdag 15 April 2020 sonder dividend verhandel. Aandelsertifikate mag nie tussen Woensdag 15 April en Vrydag 17 April 2020, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie.



Johan van Zyl
Voorsitter



Ian Kirk
Groep Uitvoerende Hoof

FINANSIEËLE INLIGTING

Grondslag van aanbieding

Inleiding

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state word opgestel ooreenkomstig die vereistes van die JSE Beperk se Noteringsvereistes vir verkorte verslae, en die vereistes van die Maatskappywet van toepassing op opgesomde finansiële state. Ingevolge die Noteringsvereistes moet verkorte verslae opgestel word ooreenkomstig die raamwerkkonsepte en die metings- en erkenningsvereistes van die IFRS en die SAICA Riglyne vir Finansiële Verslagdoening soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke, en Finansiële Uitsprake soos uitgereik deur die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandarde, en moet ook, as 'n minimum, die inligting bevat wat ingevolge IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening vereis word. Die rekeningkundige praktyke wat toegepas is met die opstel van die gekonsolideerde finansiële state, waarvan die opgesomde finansiële state afgelei is, is in ooreenstemming met IFRS en strook met die rekeningkundige beleide wat met die opstel van die vorige gekonsolideerde Finansiële Jaarstate toegepas is.

Die reëls aangaande polisverpligtinge en winsaanspraak word bepaal ooreenkomstig heersende wetgewing, algemeen aanvaarde aktuariële praktyk en die bepalings vervat in die demutualiseringsvoorstel. Daar was geen wesenlike veranderinge in die finansiële-gesondheidwaarderingsgrondslag sedert 31 Desember 2018 nie, behalwe veranderinge in die ekonomiese aannames.

Die grondslag van aanbieding en rekeningkundige beleide vir die IFRS finansiële state en Aandeelhouersinligting stem in alle wesenlike opsigte ooreen met dié wat in die 2018-jaarverslag gebruik is.

Die opstel van die Groep se geouditeerde jaarresultate het onder toesig van die Hoof Finansiële Beamppte, Wikus Olivier GR(SA), geskied.

Die volgende nuwe of hersiene IFRS en interpretasies het in die huidige finansiële jaar van krag geword en is dus toegepas:

- IFRS 16 – Huurkontrakte
- IFRIC 23 – Onsekerheid oor Inkomstebelastingsbehandelings
- Vooruitbetalingsfunksies met negatiewe vergoeding (Wysigings van IFRS 9)
- Langtermynbelang in Geassosieerde en Gesamentlike Ondernemings (Wysigings van IAS 28)
- Jaarlikse vebeterings aan IFRS Standaarde 2015 – 2017 Siklus (Wysigings van IFRS 3, IFRS 11, IAS 12, en IAS 23)
- Plan Wysiging, Beperking of Skikking (Wysigings van IAS 19)

IFRS 16: Huurkontrakte is toegepas deur die gewysigde terugwerkende benadering te gebruik. Die Groep het nie vergelykbare syfers vir die 2018-verslagdoeningstydperk herbereken soos toegelaat ingevolge die bepaalde oorgangsbeplannings in die standaard nie. Daar was geen impak op teruggehoue wins aan die begin van die huidige tydperk nie. Die herklassifikasies en aanpassings wat by oorgang ontstaan het, word in die openingsbalansstaat op 1 Januarie 2019 erken. Verwys na aantekening 36 van die aanlyn finansiële jaarstate.

Die Groep het verkies om die interpretasie, IFRIC 23 - Onsekerheid oor inkomstebelastingbehandelings, terugwerkend toe te pas, met die kumulatiewe effek daarvan om die interpretasie aanvanklik toe te pas as 'n aanpassing aan die openingsbehoue verdienste saldo. Die Groep het gevvolglik nie vergelykings vir die verslagdoeningstydperk vir 2018 hersaamgestel nie. Daar was egter geen impak op die staat van finansiële posisie of openingsbehoue verdienste op 1 Januarie 2019 nie. Verwys na aantekening 36 van die finansiële jaarstate aanlyn.

Die ander wysigings wat hierbo genoem word, het nie 'n wesenlike impak gehad op die bedrae wat in vorige of huidige tydperk(e) erken is nie en sal na verwagting nie 'n beduidende invloed op die huidige of toekomstige tydperke hê nie. Geen verdere openbaarmakings is dus gemaak nie.

Die volgende nuwe of hersiene IFRS en interpretasies het effektiewe datums van toepassing op toekomstige finansiële jare en is nie vooraf aanvaar nie:

- Effektief 1 Januarie 2020:
 - Wysigings van Verwysings na Konsepsuele Raamwerk in IFRS-standaarde
 - Definisie van 'n Besigheid (Wysigings van IFRS 3)
 - Definisie van Materieel (Wysigings van IAS 1 en IAS 8)
- IFRS 17 – Versekeringskontrakte (effektief 1 Januarie 2022)

IFRS 17 – Versekeringskontrakte bepaal die beginsels vir die erkenning, meting, aanbieding en openbaarmaking van versekeringskontrakte binne die bestek van die standaard. Die gedetailleerde vlak van modellering en rekeningkunde wat nodig is om aan die vereistes van IFRS 17 te voldoen, sal 'n beduidende impak op die onderliggende waardasiemodelle, -stelsels en -prosesse hê.

Die Groep se beoordeling van die vereistes van die standaard teenoor huidige data, prosesse en waardasiemodelle, asook die algehele ontwerp van die toekomstige aktuariële en finansiële verslagdoeningsprosesse en -argitektuur, is grootliks afgehandel. Bedrywighede om oplossings te bou verloop ooreenkomsdig die Groepwye program.

FINANSIEËLE INLIGTING (vervolg)

Die Groep verwag nie dat die ander wysigings van standarde wat deur die IASB uitgereik is maar nog nie van krag is nie, 'n wesenlike impak op die Groep sal hê nie.

Eksterne audit

Hierdie opgesomde verslag is 'n uittreksel uit geouditeerde inligting, maar is nie nagesien nie. Die Finansiële Jaarstate is geoudit deur Ernst & Young Geïnkorporeer, wat hul ongekwalifiseerde mening daaroor uitgespreek het. Die geouditeerde Finansiële Jaarstate en die ouditeur se verslag daaroor is ter insae by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar. Die Aandeelhouersinligting is geoudit deur Ernst & Young Geïnkorporeer, wat hul ongekwalifiseerde mening daaroor uitgespreek het. Die geouditeerde Aandeelhouersinligting en die ouditeur se verslag daaroor is ter insae by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar.

Die direkteure aanvaar volle verantwoordelikheid vir die voorbereiding van die opgesomde verslag en dat die finansiële inligting 'n akkurate uittreksel is uit die onderliggende Finansiële Jaarstate en Aandeelhouersinligting.

GROEPSTAAT VAN FINANSIEËLE POSISIE

op 31 Desember 2019

R miljoen	2019	2018	Herstateer ⁽¹⁾
BATES			
Toerusting	1 655	1 587	
Reg van gebruiksbates	1 912		
Eienaar-geokkupeerde eiendom	1 794	2 010	
Klandiswaarde ⁽¹⁾	18 974	20 392	
Waarde van besigheid verkry ⁽¹⁾	8 768	9 553	
Ander ontasbare bates	926	1 082	
Uitgestelde verkrygingskoste	3 505	3 446	
Langtermyn-herversekeringsbates	2 042	1 971	
Beleggings	770 995	690 744	
Eiendom	21 565	21 349	
Belegging in geassosieerde en gesamentlike ondernemings	18 682	18 361	
Aandele en soortgelyke sekuriteite	201 501	184 787	
Rentedraende beleggings	234 509	211 770	
Gestruktureerde transaksie bates	23 090	21 341	
Beleggingsfondse	222 141	190 005	
Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite	49 507	43 131	
Uitgestelde belasting	1 872	2 249	
Bates van vervreemdingsgroep geklassifiseer as gehou vir verkoop	159	139	
Tegniese algemene versekeringsbates	10 166	9 540	
Bedryfskapitaalbates	77 461	72 863	
Handels- en ander debiteure ⁽¹⁾	46 180	43 653	
Belasting ⁽¹⁾	912	1 059	
Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite	30 369	28 151	
Totale bates	900 229	815 576	
EKWITEIT EN LASTE			
Aandeelhouersfonds	67 317	69 506	
Belang van minderheidsaandeelhouers	12 043	12 111	
Totale ekwiteit	79 360	81 617	
Langtermyn-polisverpligtinge	591 168	543 785	
Termynfinansiering	11 187	7 413	
Margebesigheid	3 614	3 654	
Ander rentedraende laste	7 573	3 759	
Huurverpligtinge	2 110	-	
Gestruktureerde transaksie-verpligtinge	19 272	15 629	
Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse	85 187	66 146	
Belang van sel-eienaars	3 935	3 305	
Uitgestelde belasting ⁽¹⁾	5 766	5 352	
Tegniese algemene versekeringsvoorsiening ⁽¹⁾	41 332	38 033	
Bedryfskapitaallaste	60 912	54 296	
Handels- en ander krediteure	58 062	50 761	
Voorsiening	523	450	
Belasting	2 327	3 085	
Totale ekwiteit en laste	900 229	815 576	

⁽¹⁾ Verwys na aantekening 10 vir meer inligting.

GROEPSTAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

vir die jaar geëindig 31 Desember 2019

R miljoen	2019	2018
Netto inkomste	147 796	77 721
Inkomste van finansiële dienste	95 520	73 619
Herversekeringspremies betaal	(15 893)	(11 262)
Herversekeringskommissie ontvang	2 676	2 166
Beleggingsinkomste	33 003	31 208
Beleggingsurplusse	43 064	(16 447)
Finansieringskoste - margebesigheid	(242)	(164)
Verandering in billike waarde van eksterne-beleggersaanspreeklikheid	(10 332)	(1 399)
Netto versekerings- en beleggingskontrakvoordele en -eise	(91 526)	(29 524)
Langtermynversekeringskontrakvoordele	(30 802)	(18 566)
Langtermynbeleggingskontrakvoordele	(39 506)	2 999
Algemene versekeringseise	(29 646)	(20 662)
Herversekeringseise ontvang	8 428	6 705
Uitgawes	(41 051)	(31 701)
Verkoopsvergoeding	(13 246)	(10 139)
Administrasiekoste	(27 805)	(21 562)
Waardedalings	(742)	(449)
Amortisasie van ontasbare goedere	(1 405)	(659)
Netto bedryfsresultate	13 072	15 388
Ekwiteitsverantwoordelike verdienste	2 989	2 424
Finansieringskoste - ander	(1 500)	(846)
Wins voor belasting	14 561	16 966
Belasting	(5 756)	(4 164)
Aandeelhouersfonds	(4 017)	(3 510)
Polishouersfonds	(1 739)	(654)
Wins vir die jaar	8 805	12 802
Ander omvattende inkomste		
Beweging in valuta-omrekeningsreserwe	(4 707)	2 002
Ekwiteitsverantwoordelike beleggings se ander omvattende inkomste	(335)	126
Beweging in kontantvloeikiks reserwe	-	166
Ander omvattende inkomste: nie herwin deur wins of verlies in daaropvolgende periodes nie		
Werknemervoordele hermetings verlies	25	4
Omvattende inkomste vir die jaar	3 788	15 100
Toedeling van omvattende inkomste:		
Wins vir die jaar	8 805	12 082
Aandeelhouersfonds	7 150	11 627
Belang van minderheidsaandeelhouers	1 655	1 175
Omvattende inkomste vir die jaar	3 788	15 100
Aandeelhouersfonds	2 951	13 698
Belang van minderheidsaandeelhouers	837	1 402
Verdienste toeskrybaar aan aandeelhouers van die maatskappy (sent):		
Wins vir die jaar:		
Basiese verdienste per aandeel	345,8	565,4
Verwaterde wesensverdienste per aandeel	342,1	559,7

GROEPSTAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

vir die jaar geëindig 31 Desember 2019

R miljoen	2019	2018
Aandeelhoudersfonds:		
Saldo aan begin van die jaar	69 506	57 420
IFRS oorgangs aanpassings ⁽⁴⁾	-	(429)
Omvattende inkomste	2 951	13 698
Wins vir die jaar	7 150	11 627
Ander omvattende inkomste ⁽³⁾	(4 199)	2 071
Aandele uitgereik	7 795	5 635
Netto verkryging van tesourie-aandele ⁽²⁾	(8 402)	(1 022)
Aandelegebaseerde betalings	391	358
BBSEB IFRS 2 koste	1 686	-
Dividende betaal ⁽¹⁾	(6 500)	(6 053)
Verkrygings, verkope en ander bewegings in belang	(110)	(101)
Saldo aan einde van die jaar	67 317	69 506
Belang van nie-beherende belang:		
Saldo aan begin van die jaar	12 111	6 017
IFRS oorgangs aanpassings ⁽⁴⁾	-	(12)
Omvattende inkomste	837	1 402
Wins vir die jaar	1 655	1 175
Ander omvattende inkomste ⁽³⁾	(818)	227
Netto (verkryging) en verkoop van tesourie-aandele ⁽²⁾	1	(29)
Aandelegebaseerde betalings	33	26
Dividende betaal ⁽¹⁾	(1 095)	(867)
Verkrygings, verkope en ander bewegings in belang	156	5 574
Saldo aan einde van die jaar	12 043	12 111
Totale ekwiteit aan die begin van die jaar	81 617	63 437
Aandeelhoudersfonds	67 317	69 506
Belang van nie-beherende belang	12 043	12 111
Totale ekwiteit aan einde van die jaar	79 360	81 617

⁽¹⁾ 'n Dividend van 334 sent per aandeel (2018: 312 sent per aandeel) was verklaar in 2020 ten opsigte van 2019 verdienste. Gebaseer op die aantal uitgereikte aandele op verklarings datum, die totale dividend word verwag om tot R6,5 miljard te beloop (nadat voorsiening gemaak is vir tesourie-aandele), maar kan wissel afhangende van die aantal uitgereikte aandele op handelsdatum. Dividende voorgestel of verklaar na die datum waarop die staat van finansiële posisie voorberei word, word nie erken op die staat van finansiële posisie datum nie.

⁽²⁾ Bestaan uit verandering in koste van aandele wat deur filiale, die aandele-aansporingstrust, ander gekonsolideerde fondse en die BBSEB SDM gehou word.

⁽³⁾ Ander omvattende inkomste sluit in die realisasie van die kontantvloeiverskansings aanpassing van R1,500 miljard met betrekking tot die verkryging van die belang in Saham Finances.

⁽⁴⁾ Die volgende standaarde word aangeneem in die 2019 finansiële jaar (Raadpleeg aantekening 8.1 vir meer inligting):

- IFRS 9
- IFRS 15

⁽⁵⁾ 'n Eenmalige uitgawe van R1,686 miljard is ingevolge Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS 2) Aandeelgebaseerde betaling erken ten opsigte van die uitreiking van die breë-BASIS swart ekonomiese bemagtiging (BBSEB) na die nuwe BBSEB-voertuig (SDM).

GROEKONTANTVLOEISTAAT

vir die jaar geëindig 31 Desember 2019

R miljoen	Notas	2019	2018
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		6 645	10 760
Kontant benut uit bedrywighede	3.1	(9 910)	(7 286)
Rente en voorkeuraandele dividende ontvang		17 541	18 199
Rente betaal		(1 094)	(1 136)
Dividende ontvang		13 198	12 307
Dividende betaal		(7 433)	(6 844)
Belasting betaal		(5 657)	(4 480)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		(509)	(6 764)
Verkryging van filiale en geassosieerde maatskappye		(685)	(7 254)
Beskikking oor filiale en geassosieerde maatskappye		176	490
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		2 503	4 052
Aandele uitgereik		7 795	5 635
Beweging in tesourie-aandele		(8 401)	(1 051)
Beskikking van nie-beherende belang		-	90
Termynfinansiering ingesamel		3 998	2 455
Termynfinansies terugbetaal		(299)	(3 077)
Huurverpligting betaal		(590)	-
Netto toename in kontant en kontantekwvalente		8 639	8 048
Netto buitelandse valuta verskille		(325)	(124)
Kontant en kontantekwvalente aan begin van die jaar		63 343	55 419
Kontant en kontantekwvalente aan einde van die jaar	3.2	71 657	63 343

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIELLE STATE

vir die jaar geëindig 31 Desember 2019

1. Verdienste per aandeel

Vir die **basiese verdienste per aandeel** is die geweegde gemiddelde aantal gewone aandele aangepas vir die tesourie-aandele wat gehou word deur filiale, gekonsolideerde beleggingsfondse en polishouers. Basiese verdienste per aandeel word bereken deur die verdienste te deel deur die aangepaste geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele.

Vir die **verwaterde verdienste per aandeel** is die geweegde gemiddelde aantal gewone aandele aangepas vir die aandele wat nog nie onder die Sanlam-aandeel Aansporingskema uitgerek is nie en tesourie-aandele gehou deur filiale, gekonsolideerde beleggingsvoertuie (insluitend die BBSEB SPV soos verklaar in aantekening 8) en polishouers. Die aandele gehou deur die BBSEB SPV word gesien as 'n opsie vir verwaterde verdienste per aandeel doeleindeste wat 'n impak sal hê op die verwatering soos die Sanlam aandeelprys groei. Verwaterde verdienste per aandeel is bereken deur die verdienste te deel deur die aangepaste verwaterde geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele.

Sent	2019	2018
Basiese verdienste per aandeel:		
Wesensverdienste	361,8	445,6
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouersfonds	345,8	565,4
Verwaterde verdienste per aandeel:		
Wesensverdienste	357,9	441,1
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouersfonds	342,1	559,7
R miljoen		
Ontleding van verdienste:		
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouersfonds	7 150	11 627
Plus/(Minus): Netto wins op die verkoop van filiale	6	(13)
Wins met die verkoop van filiale	9	(17)
Belasting op wins met verkoop van filiale	-	4
Nie-beherende belang	(3)	-
Minus: Netto wins met verkoop van geassosieerde maatskappye	-	(2 760)
Wins met verkoop van geassosieerde maatskappye	-	(3 095)
Belasting op wins met verkoop van geassosieerde maatskappye	-	157
Nie-beherende belang	-	178
Minus: Ekwiteitsverantwoordelike nie-wesensverdienste	-	(17)
Plus: Waardedalings	325	325
Bruto waardedalings	395	449
Belasting op waardedaling	-	(3)
Nie-beherende belang	(70)	(121)
Wesensverdienste	7 481	9 162

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIEËLE STATE
vir die jaar geëindig 31 Desember 2019** (vervolg)

1. Verdienste per aandeel (vervolg)

Miljoen	2019	2018
Aantal aandele: Geweegde aantal uitgereikte gewone aandele <i>Minus:</i> Geweegde Sanlam-aandele gehou deur filiale en gekonsolideerde beleggingsfondse (insluitende polishouers)	2 324,8 (256,9)	2 215,6 (159,3)
Aangepaste geweegde gemiddelde aantal aandele vir basiese verdienste per aandeel <i>Plus:</i> Totale aantal aandele ten opsigte van Sanlam Beperk langtermyn aansporingskemas	2 067,9 22,1	2 056,3 21,0
Aangepaste geweegde gemiddelde aantal aandele vir verwaterde verdienste per aandeel	2 090,0	2 077,3

2. Segmentele inligting

R miljoen	2019	2018
Segmentele inkomste uit finansiële dienste (volgens aandeelhouersfondsinligting)	84 250	66 529
Sanlam Persoonlike Finansies	21 068	19 136
Sanlam Opkomende Markte	25 367	11 526
Sanlam Beleggingsgroep	6 800	6 396
Santam	25 396	23 693
Sanlam Korporatief	5 989	5 622
Groep kantoor en ander	(370)	156
IFRS-aanpassings	11 270	7 090
Totale inkomste van finansiële dienste	95 520	73 619
Segmentele resultaat (volgens aandeelhouersfondsinligting ná aftrekking van belasting en nie-beherende belang)	9 110	11 521
Sanlam Persoonlike Finansies	4 559	4 218
Sanlam Opkomende Markte	1 950	3 561
Sanlam Beleggingsgroep	951	1 693
Santam	1 460	1 609
Sanlam Korporatief	662	637
Groep kantoor en ander	(472)	(197)
Belang van minderheidsaandeelhouers wat by segmentele resultaat ingesluit is, teruggeskryf Fondsoordragte	1 655 (1 960)	1 175 106
Totale wins vir die jaar	8 805	12 802

	2019	2018
Sanlam Persoonlike Finansies	6 895	3 874
Sanlam Opkomende Markte	821	704
Sanlam Beleggingsgroep	5 856	6 060
Santam	270	234
Sanlam Korporatief	1 565	1 747
Totale IFRS 15 inkomste	15 407	12 619

Opsomming van inkomste
Volgens primêre geografie

	Suid-Afrika	Res van Afrika	Ander Internasionale	Totaal
2019				
IFRS 15 Inkomste	11 576	851	2 980	15 407
Administrasiefooie	8 091	557	479	9 127
Batebestuur en prestasiefooie	2 300	206	1 965	4 471
Kommissies	487	78	507	1 072
Konsultasiefooie	212	10	22	244
Aktuariële en risikobestuursfooie	204	—	—	204
Trust- en boedelfooie	166	—	—	166
Ander ⁽¹⁾	116	—	7	123
Inkomste wat nie binne die bestek van IFRS 15 val nie	55 143	23 704	1 266	80 113
Finansiële dienste inkomste	66 719	24 555	4 246	95 520
2018				
IFRS 15 Inkomste	9 148	738	2 733	12 619
Administrasiefooie	5 093	438	498	6 029
Batebestuur en prestasiefooie	2 832	228	1 744	4 804
Kommissies	372	57	479	908
Konsultasiefooie	367	12	1	380
Aktuariële en risikobestuursfooie	198	—	—	198
Trust- en boedelfooie	156	—	—	156
Ander ⁽¹⁾	130	3	11	144
Inkomste wat nie binne die bestek van IFRS 15 val nie	51 710	8 217	1 073	61 000
Finansiële dienste inkomste	60 858	8 955	3 806	73 619

⁽¹⁾ Ander IFRS 15 inkomste sluit kortings en ontvangskripsies vir draaiboekie in.

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIELE STATE
vir die jaar geëindig 31 Desember 2019 (vervolg)

2. Segmentele inligting (vervolg)

Opsomming van inkomste (vervolg)

Volgens die tydsberekening van inkomste-erkennings

	Op 'n sekere punt in tyd	Oor tyd⁽²⁾	Nie in die omvang van IFRS 15	Totaal
2019				
IFRS 15 Inkomste	972	14 435	-	15 407
Administrasiefooie	5	9 122	-	9 127
Batebestuur en prestasiefooie	1	4 470	-	4 471
Kommissies	780	292	-	1 072
Konsultasiefooie	19	225	-	244
Aktuariële en risikobestuursfooie	-	204	-	204
Trust- en boedelfooie	99	67	-	166
Ander ⁽¹⁾	68	55	-	123
Inkomste wat nie binne die bestek van IFRS 15 val nie	-	-	80 113	80 113
Finansiële dienste inkomste	972	14 435	80 113	95 520
2018				
IFRS 15 Inkomste	1 020	11 599	-	12 619
Administrasiefooie	12	6 017	-	6 029
Batebestuur en prestasiefooie	6	4 798	-	4 804
Kommissies	725	183	-	908
Konsultasiefooie	116	264	-	380
Aktuariële en risikobestuursfooie	-	198	-	198
Trust- en boedelfooie	93	63	-	156
Ander ⁽¹⁾	68	76	-	144
Inkomste wat nie binne die bestek van IFRS 15 val nie	-	-	61 000	61 000
Finansiële dienste inkomste	1 020	11 599	61 000	73 619

⁽¹⁾ Ander IFRS 15 inkomste sluit kortings en ontvangskripsies vir draaiboeke in.

⁽²⁾ Prestasiefooie is onderhevig aan beperking op die erkennings van veranderlike vergoeding.

3. Aantekeninge tot die kontantvloeistaat

3.1 Kontant gegenereer/(benut) in bedrywighede

R miljoen	2019	2018
Wins voor belasting per omvattende inkomstestaat	14 561	16 966
Netto beweging in polisverpligtinge	48 780	(2 655)
Nie-kontantvloeい items	(40 459)	16 017
Waardevermindering	1 024	357
Slegte skuld afgeskryf	313	145
Aandeelgebaseerde betalings	424	385
Wins met verkoop van filiale en geassosieerde	8	(3 112)
Billike waarde aanpassings	(43 072)	19 558
Waardedaling van beleggings en klandisiewaarde	742	449
Amortisasie van ontasbare bates	1 405	659
Verdienste op ekwiteitsverantwoording	(2 989)	(2 424)
IFRS 2 BBSEB koste	1 686	-
Items uitgesluit van kontant wat in bedrywighede gebruik word	(30 151)	(29 205)
Rente en voorkeuraandele dividende ontvang	(18 695)	(18 034)
Rente betaal	1 742	1 136
Dividende ontvang	(13 198)	(12 307)
Netto verkryging van beleggings	(18 815)	(7 323)
Toename/(afname) in netto bedryfskapitaalbates en laste	16 174	(1 086)
Kontant gebruik in bedrywighede	(9 910)	(7 286)
3.2 Kontant en kontantekwivalente		
Bedryfskapitaal: kontant en kontantekwivalente	30 369	28 151
Beleggingskontant	43 319	36 156
Oortrokke bank	(2 031)	(964)
Totale kontant en kontantekwivalente	71 657	63 343

Ingesluit in kontant en kontantekwivalente is beperkte kontantsaldo's van R1 740 miljoen (2018: R3 136 miljoen) met betrekking tot hoofsaaklik Kredietondersteuning Ooreenkoms (CSA) met afgeleide teenpartyé asook aanvanklike marges met JSE met betrekking tot beursverhandelde afgeleides.

4. Aandeleterugkope

Die Sanlam-aandeelhouers het by die algemene jaarvergaderings in 2019 en 2018 algemene magtiging aan die Groep verleen om Sanlam-aandele in die mark terug te koop. Geen aandeleterugkoop transaksies het plaasgevind nie.

5. Voorwaardelike aanspreeklikhede

Aandeelhouers word verwys na die voorwaardelike aanspreeklikhede wat in die 2019-jaarverslag geopenbaar is. Die omstandighede rondom die voorwaardelike aanspreeklikhede is wesenlik onveranderd.

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIEËLE STATE vir die jaar geëindig 31 Desember 2019 (vervolg)

6. Daaropvolgende gebeure

Die uitbreek van die koronavirus teen die middel van Januarie het ontwrigting in internasionale ekonomiese markte veroorsaak. Ten tyde van hul ramings en besluite op 31 Desember 2019 (soos geopenbaar in aantekening 25 van die Finansiële Jaarstate), het bestuur die ekonomiese toestande en vooruitskattings op daardie datum in aanmerking geneem. Bestuur sal voortgaan om vorentoe die moontlike impak van die virus op belangrike ramings en besluite in ag te neem.

Geen ander belangrike feite of omstandighede wat 'n wesenlike impak gehad het op die finansiële posisie van die Sanlam-groep op 31 Desember 2019 soos in hierdie finansiële state weerspieël, het tussen die datum van die finansiële state en hierdie verslag ontstaan nie.

7. Besigheidsamevoegings

Daar was geen wesenlike besigheidsamevoegings gedurende 2019 nie.

8. Sanlam BBSEB-transaksie

Gedurende 2019 het Sanlam Beperk 111 349 000 aandele uitgereik teen 'n prys van R70 per aandeel vir 'n nuwe Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) spesiale voertuig (SDM). Die aandele is uitgereik op 'n prys van R70 per aandeel, wat 'n afslag van ongeveer 10% verteenwoordig teenoor die volume-geweegde gemiddelde prys (VWAP) van drie dae destyds. Sanlam het R3,7 miljard aan die BBSEB-entiteit befonds. Sanlam se bemagtigingsvennoot, Ubuntu-Botho (UB) en Sanlam Ubuntu-Botho Gemeenskapsontwikkelingstrust neem deel aan 20% van die BBSEB SOM en vyf ander geteikende begunstigde groepe wat die oorblywende 80% deel. 'n Eenmalige uitgawe van R1,686 miljard is erken ingevolge Internasionale Finansiële Verslagdoening-standaarde (IFRS 2) Aandeelgebaseerde Betalings ten opsigte van die BBSEB-aandele-uitreiking.

9. Billike waarde openbaarmakings

Finansiële instrumente

Finansiële instrumente wat op die staat van finansiële posisie gedra word sluit in beleggings (uitgesluit beleggingseiendomme, geassosieerde en gesamentlike ondernemings), debiteure, kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite, beleggingsbeleidkontrakte, finansieringslaste, laste in respek van eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse en krediteure.

Erkenning en ontkenning

6.1 Gewone Besluit nommer 6.1 – Herkiesing van HC Werth as uitvoerende direkteur

Naam: Heinie Werth (57)

Aangestel as uitvoerende direkteur sedert 2016

Kwalifikasies: GR(SA), Hons B Rekeningkunde, MBA en EDP (Manchester)

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING (vervolg)

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:
Uitvoerende Hoof: Sanlam Opkomende Markte

Belangrike Sanlam-verwante posisies, direkteurskappe of verenigings:
Sanlam Opkomende Markte en Shriram Capital Limited

Kundigheidsgebiede:

Rekeningkunde, finansies, finansiële markte en belegging, algemene besigheid en risikobestuur.

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie direkteur aan.

6.2 Gewone Besluit nommer 6.2 – Herkiesing van JM Modise as uitvoerende direkteur

Naam: Jeanett Modise (56)

Uitvoerende direkteur sedert 2019

Kwalifikasies: BCom, MDP (UNISA), SEP (Harvard), MBL (UNISA), AMP Advanced Management Development for Senior Executives

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:
Uitvoerende Hoof: Menslike Hulpbronne, Uitvoerende direkteur

Belangrike Sanlam-verwante posisies, direkteurskappe of verenigings:

Nie-uitvoerende direkteur van Indwe Broker Holdings en MiWay.

Kundigheidsgebiede:

Menslike hulpbronne, lewensversekering, algemene versekering en beleggingsbestuur.

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie direkteur aan.

7. Gewone Besluit nommer 7 – Verkiesing van die lede van die Sanlam Oudit-, Aktuariële en Finansies-komitee (Ouditkomitee)

Om individueel die volgende onafhanklike nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy (Gewone Besluite nommers 7.1 tot 7.5) as lede van die Sanlam Ouditkomitee te kies tot ná afloop van die Maatskappy se volgende AJV.

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van Gewone Besluite nommers 7.1 tot 7.5 is dat die lede van die Ouditkomitee van die Maatskappy, synde 'n statutêre komitee, ingevolge Artikel 94(2) van die Maatskappywet deur die aandeelhouers aangestel moet word.

7.1 Gewone Besluit nommer 7.1 – Aanstelling van AS Birrell as lid van die Ouditkomitee (onderhewig aan sy verkiesing as direkteur ooreenkomsdig Gewone Besluit nommer 4.1)

Naam: Andrew Birrell (51)
Aangestel: 2019

Kwalifikasies: BBusSc. (Aktuarieel, 1990) Universiteit van Kaapstad, Genoot van die Fakulteit van Aktuarisse (1994), Genoot van die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika (AVSA), Chartered Enterprise Risk Actuary (CERA Global Association, 2009), en Lid van die Instituut van Direkteure (VK, 2015)

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees: Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur, Ouditkomitee, Risiko en Nakoming-komitee, Nie-uitvoerende Direkteure-komitee en Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee.

Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of verenigings:

Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Sun Life of Canada (VK), waar hy voorsitter van die Risikokomitee en die Winsdelingkomitee is. Hy dien ook as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Ensure Limited (VK), waar hy voorsitter van die Ouditkomitee, lid van die Risikokomitee en lid van die Vergoedingkomitee is. Hy is uitvoerende direkteur van Universal Partners Limited; nie-uitvoerende direkteur van JSA Group en YASA Limited (albei maatskappye met hul hoofkantore in die VK); alternatiewe direkteur van SC Lowy Partners, die beheermaatskappy van 'n Hongkong-gebaseerde gespesialiseerde beleggingsbank. Mr Birrell het in die verlede verskeie onafhanklike nie-uitvoerende posisies in relevante bedrywe in Suid-Afrika en in die buiteland beklee (insluitend onafhanklike nie-uitvoerende voorsitter van Assupol Holdings en Assupol Life tot 31 Maart 2019).

Kundigheidsgebiede:

Finansiële verslagdoening, risikobestuur, lewensversekering, algemene versekering, gesondheidsversekering, aandele- makelary, batebestuur en aanlynkleinhandelbankwese.

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie direkteur aan.

- 7.2 Gewone Besluit nommer 7.2 – Aanstelling van PB Hanratty as lid van die Ouditkomitee (onderhewig aan sy herkiesing as direkteur ooreenkomsdig Gewone Besluit nommer 5.2)**
Naam: Paul Hanratty (59)
Aanstelling: Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2017.
Kwalifikasies: BBusSc (Hons) (Universiteit van Kaapstad), Genoot van Instituut van Aktuarisse (FIA), Advanced Management Programme (Harvard)

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING (vervolg)

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:

Nie-uitvoerende direkteur, voorsitter van die Ouditkomitee, lid van die Maatskaplik, Etiek en Volhoubaarheid-komitee, die Sanlam Kliëntebelange-komitee, die Risiko en Nakoming-komitee, die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee en die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee.

Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of verenigings:

MTN (JSE) NED - African Telecoms, nie-uitvoerende voorsitter van Intelligent Debt Management.

Kundigheidsgebiede:

Algemene bestuur, finansies, aktuarieel, internasionale markte en beleggings, lewensversekering, algemene versekering, aftreefondsadministrasie.

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie direkteur aan.

7.3 Gewone Besluit nommer 7.3 – Aanstelling van M Mokoka as lid van die Ouditkomitee

Naam: Mathukana Mokoka (46)

Aanstelling: Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2018

Kwalifikasies: (GR)SA (Universiteit van Limpopo)

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:

Lid van die Ouditkomitee, die Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, die Risiko en Nakoming-komitee en die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee.

Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of verenigings:

Palabora Mining, Alviva Holdings (Edms.) Beperk; lid van African Women Chartered Accountants (AWCA) en die Instituut van Direkteure in Suid-Afrika (IoDSA).

Kundigheidsgebiede:

Rekeningkunde, finansies, risiko en nakoming, lewensversekering en mynbou.

7.4 Gewone Besluit nommer 7.4 – Aanstelling van KT Nondumo as lid van die Ouditkomitee

Naam: Karabo Nondumo (41)

Aanstelling: Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2015

Kwalifikasies: BRek (Universiteit van Natal), HDipRek (Universiteit van die Witwatersrand), GR(SA)

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees: Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, lid van die Ouditkomitee, die Risiko en Nakoming-komitee, die

Menslike Hulpbronne en Vergoeding-komitee, die Sanlam Kliëntebelange-komitee, Nie-uitvoerende Direkteure-komitee en die Nominasies-komitee.

Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of verenigings:

Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Harmony Gold, Richardsbaai Steenkoolterminus en MTN Suid-Soedan.

Kundigheidsgebiede:

Lewensversekering, telekommunikasie, rekeningkunde, risiko en nakoming, korporatiewe bestuur, internasionale besigheid, bemagtiging, menslike hulpbronne en vergoeding.

- 7.5 Gewone Besluit nommer 7.5 – Aanstelling van JP Möller as lid van die Ouditkomitee (onderhewig aan sy verkiesing as direkteur ooreenkomsdig Gewone Besluit nommer 4.3)**
Om JP Möller, wat ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting as 'n bykomende direkteur verkies is, en wat verkiesbaar is en homself verkiesbaar stel, te kies.

Naam: Kobus Möller (61)

Aangestel: 2020

Kwalifikasies: BCom (Cum Laude) Universiteit van Pretoria, BCompt (Hons) (UNISA), GR(SA), AMP Harvard Business School

Mnr Möller het senior finansiële posisies in Gencor, Impala Platinum Holdings en Sanlam Persoonlike Finansies beklee, en was vanaf 2006 tot sy aftrede in 2016 Finansiële Direkteur van Sanlam.

Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:
Ouditkomitee, Risiko en Nakoming-komitee, Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitee, Direksielid van Sanlam Kapitaalmarkte (Edms.) Beperk, Sanlam Beleggingsbeheer-maatskappy (Edms.) Beperk, Sanlam Opkomende Markte Beperk, Sanlam Persoonlike Finansies en Sanlam Korporatief.

Belangrike posisies, direkteurskappe of verenigings:
Geen.

Kundigheidsgebiede:

Lewensversekering, korttermynversekering, internasionale saketransaksies, finansiële verslagdoening, risikobestuur en beleggings.

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie lede aan om in die Ouditkomitee te dien.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING (vervolg)

8. *Gewone Besluit nommer 8 – Adviserende stem oor die Maatskappy se vergoedingsbeleid en die Vergoedings-implementeringsverslag*

Aandeelhouers word versoen om 'n afsonderlike nie-bindende adviserende stem uit te bring oor die Maatskappy se vergoedingsbeleid en die implementering daarvan soos uiteengesit op bladsy 8 tot 19 van die Sanlam Vergoedings-verslag (aanlyn beskikbaar by www.sanlam.com).

8.1 **Gewone Besluit nommer 8.1 – Nie-bindende adviserende stem oor die Maatskappy se vergoedingsbeleid**

Besluit dat aandeelhouers by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem die Maatskappy se vergoedingsbeleid, soos uiteengesit op bladsy 8 tot 19, goedkeur.

8.2 **Gewone Besluit nommer 8.2 – Nie-bindende adviserende stem oor die Maatskappy se vergoedingsimplementeringsverslag**

Besluit dat aandeelhouers by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem die Maatskappy se vergoedings-implementeringsverslag, soos uiteengesit op bladsy 21 tot 39 goedkeur.

Rede en gevolg

Die King IV Verslag oor Korporatiewe Bestuur™ vir Suid-Afrika, 2016 (King IV™)⁽¹⁾, beginsel 14, aanbevoie praktyk 37, asook paragraaf 3.84(j) van die JSE-noteringsvereistes bepaal dat die vergoedingsbeleid en die vergoedingsimplementeringsverslag elke jaar by die AJV ter tafel gelê moet word vir afsonderlike nie-bindende adviserende stemme deur aandeelhouers.

Gewone Besluit nommer 8 is slegs van 'n adviserende aard en versuim om hierdie besluit goed te keur sal dus nie enigeregsgevolge hê ten opsigte van bestaande reëlings nie. Die Menslike Hulpbronne en Vergoeding-komitee en die Direksie sal egter die uitslag van die stemmery en enige kommentaar deur aandeelhouers in ag neem by die oorweging van die Maatskappy se vergoedingsbeleid. Indien 25% (vyf-en-twintig persent) of meer van die stemme wat by die AJV uitgebring word teen hierdie besluite is, sal die Direksie ooreenkomsdig die bepalings van die JSE-noteringsvereistes andersdenkende aandeelhouers uitnooi om met die Vergoeding-komitee in gesprek te tree oor hul bekommernisse.

⁽¹⁾ Kopiereg en handelsmerke is die eiendom van die Instituut van Direkteure in Suid-Afrika NPC en al sy regte word voorbehou.

9. Gewone Besluit nommer 9 – Om kennis te neem van die totale vergoeding van nie-uitvoerende direkteure en uitvoerende direkteure vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2019

Om kennis te neem van die totale vergoeding van direkteure soos uiteengesit in Sanlam se Vergoedingsverslag (aanlyn beskikbaar by www.sanlam.com), spesifiek insluitend nie-uitvoerende direkteure se vergoeding (sien bladsy 38 en 39) en uitvoerende direkteure se vergoeding (bladsy 21 tot 37).

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van Gewone Besluit nommer 9 is om kennis te neem van die vergoeding van direkteure vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2019.

10. Gewone Besluit nommer 10 – Om onuitgereikte gewone aandele onder die beheer van die direkteure te plaas

Om al die onuitgereikte gewone aandele van die Maatskappy, asook Sanlam-aandele wat deur filiale van die Maatskappy as onuitgereikte aandele (tesourie-aandele) gehou word, onder die beheer te plaas van die direkteure van die Maatskappy wat, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die JSE-noteringsvereistes, hiermee gemagtig word om tot die volgende AJV sodanige onuitgereikte aandele na goeddunke en volgens sodanige bepalings en voorwaardes toe te ken en uit te reik en/of hierdie onuitgereikte aandele te vervreem soos en wanneer hulle dit goeddink, met dien verstande dat:

- die totale aantal gewone aandele wat toegeken en uitgereik word, en onuitgereikte aandele wat vervreem word ooreenkomsdig hierdie besluit en Gewone Besluit 11, beperk word tot 5% (vyf persent) van die getal uitgereikte gewone aandele op die datum van kennisgewing van hierdie Vergadering; en
- enige uitgifte van gewone aandele as 'n uitgifte vir kontant soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes, in ooreenstemming is met die beperkings vervat in Gewone Besluit nommer 11.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING (vervolg)

Rede en gevolg

Die rede vir Gewone Besluit nommer 10 is dat die Direksie ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting magtiging van aandeelhouers moet verkry om aandele in die Maatskappy uit te reik en/of onuitgereikte aandele wat deur filiale van die Maatskappy gehou word, te vervreem. Nadat hierdie algemene magtiging toegestaan is, kan die Direksie van tyd tot tyd, wanneer gepas, aandele uitrek of onuitgereikte aandele vervreem soos nodig, onder meer met die oog op kapitaalverkryging en om 'n gesonde kapitaaltoereikendheids-verhouding te handhaaf. Hierdie algemene magtiging is onderhewig daaraan dat dit beperk word tot 5% (vyf persent) van die getal uitgereikte aandele op die datum van die kennisgewing van hierdie Vergadering, op die voorwaardes wat meer volledig uiteengesit word in Gewone Besluit nommer 11.

Die algemene magtiging wat ooreenkomstig hierdie Gewone Besluit nommer 10 asook Gewone Besluit nommer 11 verleen word, is bo en behalwe die bepaalde magtiging wat by die Maatskappy se algemene aandeelhouersvergadering op 12 Desember 2018 goedgekeur is ten opsigte van die uitreiking van aandele aan SU BEE Investment SPV (RF) (Edms.) Beperk.

11. *Gewone Besluit nommer 11 - Algemene magtiging om aandele vir kontant uit te reik*

Om aan die direkteure die algemene magtiging te verleen om, onderhewig aan die JSE-noteringsvereistes, soos en wanneer geskikte geleenthede opduik en volgens sodanige bepalings en voorwaardes soos wat hulle goeddink, gewone aandele van een (1) sent elk (of opsies waarvoor ingeskryf kan word, of sekuriteite wat in sodanige gewone aandele omskep kan word) uit te reik en Sanlam-aandele wat deur filiale van die Maatskappy as onuitgereikte aandele gehou word, te vervreem as 'n "uitgifte vir kontant" soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes, met dien verstande dat die totale aantal gewone aandele wat ooreenkomstig hierdie besluit en Gewone Besluit nommer 10 toegeken en uitgereik word, tesame met enige onuitgereikte aandele wat ooreenkomstig Gewone Besluit nommer 10 vervreem word, beperk word tot 5% van die getal uitgereikte gewone aandele op die datum van die kennisgewing van hierdie Vergadering.

Om onsekerheid te voorkom, word aangeteken dat 'n pro rata regte-aanbod aan aandeelhouers nie 'n uitgifte vir kontant is soos in die JSE-noteringsvereistes omskryf word nie en dat hierdie besluit en die beperkings hierin vervaar dus nie op enige sodanige pro rata regte-aanbod aan aandeelhouers van toepassing is nie.

Daar word aangeteken dat die JSE-noteringsvereistes tans die volgende vereistes bevat:

- Dat hierdie algemene magtiging geldig is tot die Maatskappy se volgende AJV of vir 15 (vyftien) maande vanaf die datum waarop hierdie besluit goedgekeur is, watter een ook al eerste voorkom;
- dat die aandelesekuriteite wat die onderwerp van die uitgifte vir kontant is, van 'n klas moet wees wat reeds uitgereik is, of waar dit nie die geval is nie, moet dit beperk word tot sodanige sekuriteite of regte wat omskep kan word in opsies ten opsigte van 'n klas wat reeds uitgereik is of wat sodanige opsies verteenwoordig;
- dat die totale aantal gewone aandele wat ingevolge hierdie besluit toegeken en uitgereik word, saam met enige onuitgereikte aandele wat ingevolge hierdie Gewone Besluit nommer 11 vervreem word, beperk word tot 5% (vyf persent) van die aantal gewone uitgereikte aandele op die datum van die kennisgewing van hierdie AJV, sodanige getal synde 2 115,6 miljoen gewone aandele in die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal, uitgesonderd onuitgereikte aandele;
- dat enige aandelesekuriteite wat ooreenkomsdig die magtiging uitgereik word gedurende die tydperk bedoel in die eerste kolpunt, afgetrek moet word van sodanige getal in die vorige kolpunt;
- dat die bestaande magtiging in die geval van 'n onderverdeling of konsolidasie van uitgereikte aandelesekuriteite gedurende die tydperk bedoel in die eerste kolpunt, dienooreenkomsdig aangepas moet word om dieselfde toekenningsverhouding te verteenwoordig;
- dat die aandelesekuriteite uitgereik word of onuitgereikte aandele vervreem word aan persone wat kwalifiseer as openbare aandeelhouers soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes, 'n nie aan verwante partye soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes nie;

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING (vervolg)

- dat, by die bepaling van die prys waarteen aandele ooreenkomstig hierdie magtiging uitgereik of onuitgereikte aandele vervreem word, die maksimum toegelate korting 10% (tien persent) van die geweegde gemiddelde verhandelingsprys van die betrokke aandele sal wees, soos bepaal oor die 30 (dertig) sakedae voor die datum waarop die prys van die uitgifte of vervreemding ooreengekom is tussen die uitreiker en die party wat vir die aandele inskryf of die aandele verkry; en
- dat, nadat die Maatskappy aandelesekuriteite uitgereik of onuitgereikte aandele vervreem het ooreenkomstig 'n goedgekeurde algemene uitgifte vir kontant wat op 'n kumulatiewe grondslag binne 'n finansiële jaar 5% (vyf persent) of meer van die aantal uitgereikte aandelesekuriteite voor daardie uitgifte verteenwoordig, die Maatskappy in ooreenstemming met die JSE-noteringsvereistes 'n aankondiging met volledige besonderhede van die uitgifte moet uitreik.

Rede en gevolg

Om, onderhewig aan die JSE-noteringsvereistes, algemene magtiging aan die direkteure te verleen om gewone aandele uit te reik en onuitgereikte aandele te vervreem as 'n uitgifte vir kontant soos omskryf in die JSE-noteringsvereistes.

Persentasie stemme

Vir hierdie Gewone Besluit nommer 11 om aangeneem te word, word minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die totale aantal stemme wat die aandeelhouers teenwoordig of by volmag verteenwoordig by hierdie Vergadering mag uitbring, ingevolge die JSE-noteringsvereistes vereis.

12. Gewone Besluit nommer 12 – Om enige direkteur van die Maatskappy en, waar van toepassing, die Sekretaris van die Maatskappy, te magtig om uitvoering aan die voorgenoemde Gewone Besluite en die ondergenoemde Spesiale Besluite te gee

Om enige direkteur van die Maatskappy en, waar van toepassing, die Sekretaris van die Maatskappy, te magtig om alle handelinge uit te voer, alle dokumente te onderteken en alle stappe te doen wat nodig mag wees om uitvoering aan voorgenoemde Gewone Besluite en ondergenoemde Spesiale Besluite te gee.

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van Gewone Besluit nommer 12 is om enige direkteur van die Maatskappy en, waar van toepassing, die Sekretaris van die Maatskappy, te magtig om uitvoering aan die Gewone en Spesiale Besluite te gee.

Spesiale Besluite

Om die volgende drie Spesiale Besluite te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging aan te neem:

Persentasie steun vereis vir Spesiale Besluite nommers 1 en 2

Vir hierdie Spesiale Besluite om aangeneem te word, word minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die totale aantal stemme wat die aandeelhouers teenwoordig of by volmag verteenwoordig by hierdie Vergadering mag uitbring, vir elke Spesiale Besluit vereis.

A. *Spesiale Besluit nommer 1 – Goedkeuring van die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure vir hul dienste as direkteure.*

Besluit dat:

Ingevolge Artikel 66(9) van die Maatskappywet word die betaling van die vergoeding vir hul dienste as nie-uitvoerende direkteure van Sanlam, soos uiteengesit in die onderstaande tabel, goedkeur vir die tydperk 1 Julie 2020 tot 30 Junie 2021. Hierdie verhogings verteenwoordig 'n gemiddelde verhoging van 5,5% in die gelde van toepassing op die 12 maande tot 30 Junie 2020 vir direkteure wat in Suid-Afrika woon, behalwe daardie verhogings wat aanbeveel is as gevolg van 'n onafhanklike opname van die Sanlam-direksie se gelde, en mag aangepas word met enige bedrag aan belasting op toegevoegde waarde (BTW) in soverre dit van toepassing is.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING (vervolg)

Nie-uitvoerende direkteure se fooie vir 2019/2020

Direkteure/komitees

Voorsitter

Ondervoorsitter⁽¹⁾

Hoof onafhanklike direkteur

Nie-uitvoerende direkteure

Nie-inwonende nie-uitvoerende direkteure

Voorsitter van Oudit-, Aktuariële en Finansies-komitee

Lid van Oudit-, Aktuariële en Finansies-komitee

Voorsitter van Risiko en Nakoming-komitee

Lid van Risiko en Nakoming-komitee

Voorsitter van Menslike Hulpbronne en Vergoeding-komitee

Lid van Menslike Hulpbronne en vergoeding-komitee

Voorsitter van Kliëntebelange-komitee

Lid van Kliëntebelange-komitee

Voorsitter van Maatskaplik, Etiel en Volhoubaarheid-komitee

Lid van Maatskaplik, Etiel en Volhoubaarheid-komitee

Voorsitter van Nominasies-komitee

Lid van Nominasies-komitee

Spesiale *ad hoc*-komitees

Alle gelde sluit BTW uit

⁽¹⁾ Op grond van markrigpunte het die posisie jaarlikse retensiegeld en bywoningsgeld van onderskeidelik R724 972 en R42 298 geregverdig. Op Versoek van die Ondervoorsitter sal Sanlam die verskil tussen die markrigpunt en die NUD-fooie wat hierbo uiteengesit word, vir 'n geskikte filantropiese doel aanwend.

Jaarlikse fooi 2019/20 R	Bywonings- fooi per vergadering 2019/20 R	Jaarlikse gelde 2020/21 R	Bywonings- fooi per vergadering 2020/21 R
3 134 487	Geen	3 306 884	Geen
557 996	32 557	588 686	34 348
687 177	40 093	724 972	42 298
366 759	32 098	386 931	33 863
806 869	70 615	968 243	84 738
448 445	Geen	524 681	Geen
224 223	Geen	236 555	Geen
448 445	Geen	473 109	Geen
224 223	Geen	236 555	Geen
341 974	Geen	360 783	Geen
170 988	Geen	180 392	Geen
253 184	Geen	267 109	Geen
126 592	Geen	133 555	Geen
253 184	Geen	313 948	Geen
126 592	Geen	133 555	Geen
226 562	Geen	239 023	Geen
126 592	Geen	133 555	Geen
Geen	23 042	None	24 309

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING (vervolg)

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van spesiale besluit nommer 1 is om die berekeningsgrondslag van die vergoeding deur die Maatskappy betaalbaar aan sy nie-uitvoerende direkteure vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy vir die tydperk 1 Julie 2020 tot 30 Junie 2021 goed te keur. Uitvoerende direkteure van die Maatskappy ontvang nie enige vergoeding vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy nie.

B. Spesiale besluit nommer 2 – Magtiging aan die Maatskappy of 'n filiaal van die Maatskappy om die Maatskappy se aandele te verkry

Besluit dat:

“Kragtens die Maatskappy se Akte van Oprigting verleen die Aandeelhouers van die Maatskappy hiermee algemene goedkeuring vir:

- a) die koop van enige van sy aandele deur die Maatskappy of enige filiaal van die Maatskappy, hetsy by wyse van 'n enkele transaksies of 'n reeks transaksies; en
- b) die koop deur en/of oordrag aan die Maatskappy van enige van sy aandele wat deur enige van sy filiale kragtens (a) hierbo gekoop is

op sodanige bepalings en voorwaardes en in sodanige hoeveelhede soos wat die Direksie van die Maatskappy of sy filiale van tyd tot tyd mag besluit, maar onderhewig aan die bepalings van die Maatskappyywet, die JSE-noteringsvereistes en enige ander aandelebeurs waarop die aandele van die Maatskappy van tyd tot tyd gekwoteer of genoteer mag word, en onderhewig aan sodanige ander voorwaardes soos deur enige ander toepaslike gesagsliggaam opgelê mag word met betrekking tot aankope wat aan die JSE-noteringsvereistes onderhewig is, met dien verstande dat:

- die magtiging slegs tot en met die datum van die Maatskappy se volgende AJV of vir 15 (vyftien) maande vanaf die datum van hierdie Spesiale Besluit geldig sal wees, watter tydperk ook al die kortste is;
- gewone aandele wat ooreenkomsdig (a) hierbo gekoop word slegs deur die bestelboek van die JSE se verhandelingstelsel en sonder enige vooraf verstandhouding of reëling tussen die Maatskappy en/of die betrokke filiaal en die teenparty gekoop mag word;
- die algemene magtiging om ooreenkomsdig (a) hierbo aandele in die Maatskappy te koop in enige een finansiële jaar beperk word tot 'n maksimum van 2,5% (twee en 'n half persent) van die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal van daardie klas op die datum wat die magtiging verleen word;

- aankope ooreenkomstig (a) hierbo nie teen 'n prys van meer as 10% (tien persent) hoër as die geweegde gemiddelde verhandelingsprys van die aandele vir die 5 (vyf) sakedae wat die datum van die aankope onmiddellik voorafgaan, mag geskied nie;
- die Maatskappy op enige tydstip slegs een agent mag aanstel om enige aankope namens die Maatskappy of enige van sy filiale te doen;
- die Direksie van die Maatskappy besluit het om (i) die koop van aandele in die Maatskappy te magtig, (ii) dat die Maatskappy en elke tersaaklike filiaal die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in die Maatskappwyet geslaag het, en (iii) dat, sedert die solvensie- en likiditeitstoets toegepas is, daar geen wesenlike verandering in die finansiële posisie van die Maatskappy of enige tersaaklike filiaal was nie;
- die Maatskappy en sy filiale nie gedurende 'n verbode tydperk aandele mag terugkoop nie, tensy 'n terugkoopprogram waarin die datums en aantal aandele wat gedurende die betrokke tydperk verhandel word, vasgestel is (nie onderhewig aan verandering nie) en voor die aanvang van die verbode tydperk skriftelik aan die JSE voorgelê is. Die Maatskappy moet voor die aanvang van die verbode tydperk 'n onafhanklike derde party, wat sy beleggingsbesluite met betrekking tot die Maatskappy se aandele onafhanklik van en onbeïnvloed deur die Maatskappy neem, opdrag gee om die terugkoopprogram wat aan die JSE voorgelê is, uit te voer;
- 'n aankondiging wat aan paragraaf 11.27 van die JSE-noteringsvereistes voldoen deur die Maatskappy gedoen word (i) wanneer die Maatskappy en/of sy filiale gesamentlik 3% (drie persent) van die aanvanklike aantal gewone aandele wat uitgereik was toe die algemene magtiging verleen is, teruggekoop het, en (ii) daarna vir elke 3% (drie persent) in totaal van die aanvanklike aantal gewone aandele wat uitgereik was toe die algemene magtiging verleen is, deur die Maatskappy en/of sy filiale verkry is; en
- besonderhede van aandele wat gedurende die verslagtydperk teruggekoop is in die finansiële jaarstate geopenbaar sal word ooreenkomstig paragraaf 8.63(o) van die JSE-noteringsvereistes."

Rede en gevolg

Die rede vir en gevolg van spesiale besluit nommer 2 is om algemene magtiging te verleen om die Maatskappy, of enige van die Maatskappy se filiale, in staat te stel om aandele te verkry wat deur die Maatskappy uitgereik is, insluitend die daaropvolgende aankoop deur of oordrag aan die Maatskappy van sodanige aandele wat deur enige filiaal gehou word.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING (vervolg)

Verklaring deur Direksie

Die Direksie magtig en implementeer die koop van die Maatskappy se aandele slegs as heersende toestande dit regverdig.

Ná oorweging van die uitwerking van die maksimum aankope het die Direksie redelikerwys tot die gevolgtrekking gekom dat, met betrekking tot aankope wat aan die JSE-noteringsvereistes onderhewig is:

- die Maatskappy ná 'n verkryging steeds aan die JSE-noteringsvereistes met betrekking tot aandeelhouerverspreidingsvereistes sal voldoen;
- die Maatskappy en sy filiale hul skuld soos dit in die gewone gang van sake betaalbaar word, vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van kennisgewing van die Maatskappy se AJV sal kan betaal;
- die bates van die Maatskappy en sy filiale die verpligte van die Maatskappy en sy filiale vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van hierdie kennisgewing van die Maatskappy se AJV sal oorskry;
- die uitgereikte aandelekapitaal van die Maatskappy en sy filiale vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van hierdie kennisgewing van die Maatskappy se AJV vir die Maatskappy en sy filiale se besigheidsdoeleindes voldoende sal wees; en
- die Maatskappy en sy filiale vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van hierdie kennisgewing van die Maatskappy se AJV voldoende bedryfskapitaal vir gewone besigheidsdoeleindes sal hê.

Openbaarmakings ingevolge paragraaf 11.26(b) van die JSE-noteringsvereistes

Die volgende openbaarmakings word vereis ingevolge paragraaf 11.26(b) van die JSE-noteringsvereistes met betrekking tot aankope wat aan die JSE-noteringsvereistes onderhewig is, wat in Sanlam se jaarlikse verslagdoening verskyn en vir die doeleindes van hierdie spesiale besluit nommer 2 aanlyn by www.sanlam.com verskaf word:

- belangrike aandeelhouers (bladsy 234 van die Geïntegreerde Verslag); aandelekapitaal van die Maatskappy (bladsy 101 van die Finansiële Jaarstate); en
- wesenlike veranderinge (bladsy 3 van die Finansiële Jaarstate).

Direkteure se verantwoordelikhedsverklaring

Die Direksie, wie se name op bladsy 22 tot 29 van die Korporatiewe Bestuursverslag verskyn, aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die akkuraatheid van die inligting met betrekking tot hierdie spesiale besluit nommer 2, en verklaar dat:

- daar na hul beste wete en oortuiging geen ander feite is waarvan die weglatting enige verklaring vals of misleidend sal maak nie;
- hulle alle redelike navrae in dié verband gedoen het; en
- spesiale besluit nommer 2 al die nodige inligting bevat.

Die Lewenskragtigheidsverslag

Die Lewenskragtigheidsverslag word meer volledig uiteengesit in die aanvullende verslae wat op die Maatskappy se webwerf (www.sanlam.com) beskikbaar is. Dit word ooreenkomstig Regulasie 43(5)(c) van die Maatskappywet voorgelê.

Algemene aantekeninge

1. Die verslagdatum vir die verspreiding van die kennisgewing van die AJV is vasgestel as kantoorsluiting op Vrydag 13 Maart 2020.
2. Die registrasiedatum om die AJV by te woon, daaraan deel te neem en daarby te stem, is vasgestel as kantoorsluiting op Vrydag 29 Mei 2020. Die laaste dag vir verhandeling van die Maatskappy se aandele op die JSE om op die registrasiedatum in die aandeleregister aangeteken te wees, is dus Dinsdag 26 Mei 2020.
3. 'n Aandeelhouer wat geregtig is om die AJV by te woon, daaraan deel te neem en daarby te praat en te stem, mag 'n gevollmagtigde aanstel om dit namens hom of haar te doen.
4. Die stemme van aandele gehou deur die Sanlam Aandele-aansporingstrust en die Maatskappy se filiale sal nie by die AJV in aanmerking geneem word vir die goedkeuring van enige besluite voorgestel ingevolge die JSE-noteringsvereistes nie.
5. Sanlam-aandeelhouers wat sertifikate vir hul gewone Sanlam-aandele hou of wat hul gewone Sanlam-aandele gedematerialiseer het en in hul eie naam laat registreer het (insluitend gewone Sanlam-aandele wat in die naam van Sanlam Share Account Nominee (Edms.) Beperk gehou word), maar wat nie die Vergadering kan bywoon nie en verlang om daar verteenwoordig te word, moet die ingeslotte volmagvorm ooreenkomstig die instruksies daarin invul en terugstuur aan die oordragsekretaris, Computershare Investor Services (Edms.) Beperk, Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank 2196 (Posbus 61051, Marshalltown 2107). Vir administratiewe doeleteindes moet die volmagvorm nie later as 14:00 op Dinsdag 9 Junie 2020 ontvang word nie. Alternatiewelik kan dit voor die aanvang van die Vergadering op Woensdag 10 Junie 2020 aan die Voorsitter van die Vergadering oorhandig word.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING (vervolg)

6. Aandeelhouers van gewone Sanlam-aandele wat hul gedematerialiseerde gewone Santam-aandele deur 'n sentrale effektebewaarplek (SEB), bank of benoemde makelaar hou (Sanlam gedematerialiseerde aandeelhouers), moet hul SEB, bank of benoemde makelaar van hul stemopdragte voorsien ooreenkomsdig die reëling tussen hulle en hul SEB, bank of benoemde makelaar. Indien Sanlam gedematerialiseerde aandeelhouers hul stemme persoonlik by die AJV wil uitbring, moet hulle met hul SEB, bank of benoemde makelaar in verbinding tree om hulle van die nodige verteenwoordigingsbrief te voorsien. Sanlam aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige versium deur die SEB, bank of benoemde makelaar hierdie verband nie.
7. 'n Persoon wat 'n korporasie/maatskappy verteenwoordig, word nie geag 'n gevollmachtigde te wees nie aangesien sodanige korporasie/maatskappy slegs 'n vergadering kan bywoon deur 'n persoon wat by wyse van 'n besluit behoorlik daartoe gemagtig is om as verteenwoordiger op te tree. 'n Notarieel gesertifiseerde afskrif van sodanige volmag of ander dokumentêre bewys wat die gesag aandui van die persoon wat die volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet by die volmagvorm aangeheg word. Sodanige persoon het dieselfde regte by die AJV as die korporasie/maatskappy wat die aandele besit.
8. 'n Aandeelhouer wie se aandele deur die reëling met Sanlam Share Account Nominee (Edms.) Beperk of Sanlam Fundshare Nominee (Edms.) Beperk gehou word, het die reg om aan die AJV deel te neem en daarby te stem.
9. By 'n stemming deur die opsteek van hande sal elke aandeelhouer persoonlik verteenwoordig of elke gevollmachtigde of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger wat aandeelhouers verteenwoordig, slegs een stem hê ongeag die getal aandeelhouers of aandele wat hy of sy verteenwoordig of besit.
10. As stembriewe gebruik word, sal elke aandeelhouer persoonlik verteenwoordig of elke gevollmachtigde of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger slegs een stem hê vir elke Sanlam-aandeel wat sodanige aandeelhouer besit.

11. 'n Besluit wat tot stemming gebring word, sal deur die opsteek van hande beslis word, tensy daar voor of tydens die aankondiging van die uitslag van die opsteek van hande op 'n stemming per stembrief aangedring word deur enige persoon wat die reg het om by die AJV te stem. As op so 'n stemming per stembrief aangedring word, moet die besluit wat tot stemming gebring word per stembrief beslis word.
12. Die Maatskappy se Akte van Oprigting maak voorsiening vir 'n elektroniese stemproses, vir welke doel elektroniese handtoestelle gebruik sal word.
13. Wat elektroniese deelname aanbetrif, moet aandeelhouers asseblief kennis neem dat hulle, of hul gevoldmagtiges, deur middel van elektroniese kommunikasie aan die Vergadering sal kan deelneem, maar nie tydens die Vergadering sal kan stem nie. Indien hierdie aandeelhouers verlang dat hul stemme by die Vergadering getel word, moet hulle optree volgens die algemene instruksies vervat in hierdie kennisgewing. Telefoonlynal vir dié doel beskikbaar gestel word. Aandeelhouers wat graag deur middel van elektroniese kommunikasie wil deelneem, moet hul versoek nie later nie as 12:00 op Vrydag 5 Junie 2020 skriftelik by die Groepmaatskappysekretaris (sana-ullah.bray@sanlam.co.za) indien. Die koste van die aandeelhouer se foonoproep sal vir sy of haar eie rekening wees. Die aandeelhouer bevestig dat die telekommunikasielyn deur 'n derde party verskaf word en vrywaar die Maatskappy teen enige eis wat op enige wyse voortspruit uit die gebruik of besit van die telekommunikasielyn. Aandeelhouers word vriendelik versoek om vanaf 13:50 op die dag van die AJV in te bel. Alle aandeelhouers wat graag telefonies aan die AJV wil deelneem, moet +27 21 916 3770 PIN 5500# skakel.

In opdrag van die Direksie



Sana-Ullah Bray
Groepmaatskappysekretaris

Bellville
Maart 2020

AANDEELHOUERSDAGBOEK

Einde van finansiële jaar	31 Desember
Algemene Jaarvergadering	10 Junie 2020

Verslae

Tussentydse verslag vir 30 Junie 2020	10 September 2020
Aankondiging van die resultate vir die jaar geëindig 31 Desember 2020	11 Maart 2021
Jaarverslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2020	31 Maart 2021

Dividende

Dividend verklaar vir 2019	12 Maart 2020
Laaste verhandelingsdatum vir 2019-dividend	14 April 2020
Aandele verhandel sonder dividend vanaf	15 April 2020
Verslagdatum 2019-dividend	17 April 2020
Betaling van dividend vir 2019	20 April 2020
Verklaring van dividend vir 2020	11 Maart 2021
Betaling van dividend vir 2020	April 2021

Om vir die dividendberekening voorsiening te maak, sal Sanlam se aandeleregister (insluitend Sanlam se twee genomineerde maatskappye, naamlik Sanlam Share Account Nominee (Edms.) Beperk en Sanlam Fundshares Nominee (Edms.) Beperk), tussen Woensdag 15 April 2020 en Vrydag 17 April 2020, albei datums ingesluit, vir alle oordragte, buitemarktransaksies en dematerialisering of hermaterialisering gesluit wees.

Transaksies op die JSE wat deur Strate gedoen word, word nie deur hierdie reëling geraak nie.

ADMINISTRASIE

Geregistreerde naam

Sanlam Beperk
(Registrasienommer 1959/001562/06)
(Belastingverwysingsnommer: 9536/346/84/5)
JSE-aandelekode (primêre notering): SLM
NSX-aandelekode: SLA
A2X-aandelekode: SLM
ISIN: ZAE000070660
Geïnkorporeer in Suid-Afrika

Groepmaatskappysekretaris

Sana-Ullah Bray

Geregistreerde Kantoor

Strandweg 2, Bellville 7530
Suid-Afrika
Telefoon +27 (0) 21 947 9111
Faks +27 (0) 21 947 3670

Posadres

Posbus 1, Sanlamhof 7532

JSE-borg

Die Standard Bank Groep van Suid-Afrika Beperk

Internet-adres

<http://www.sanlam.co.za>

Oordragsekretaris

Computershare Investor Services (Edms.) Beperk
(Registrasienommer 2004/003647/07)
Rosebank Towers
Biermannlaan 15
Rosebank 2196 Suid-Afrika
Posbus 61051, Marshalltown 2107, Suid-Afrika
Tel +27 (0) 11 370 5000
Faks +27 (0) 11 688 5200
sanlamholders@computershare.co.za

Direkteure

J van Zyl (Voorsitter), PT Motsepe (Ondervorsitter), SA Nkosi (hoof onafhanklike direkteur), IM Kirk (Groep Uitvoerende Hoof), HC Werth, AS Birrell, PB Hanratty, E Masilela, AD Botha, JP Möller, RV Simelane, KT Nondumo, JM Modise, CG Swanepoel, M Mokoka, TI Mvusi, S Zinn.

GREYMATTER & FINCH # 14009

20

www.sanlam.com